



DIE UITLEG VAN STRAFBEPALINGS

VERHANDELING

Voorgelê in 1979 ter vervulling van 'n
deel van die vereistes vir die graad
Baccalaureus Legum in die Fakulteit van
Regsgeleerdheid aan die Universiteit
van die Oranje-Vrystaat

deur

E.H. SWANEPOEL, B.IUR. (U.O.V.S.)

Studieleier

PROF. D.C. DU TOIT

JOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0245829



11106888850122000019

1)

GLEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oos- en Vrystaat
 LIBRARY UNITEIN
 12-11-1979
 KLAS No. 22 *58 Su 2*
 No. 245829
 BIBLIOTHEEK

ERRATA

- bl. ii : III. A. 3. moeilike
 bl. 13, reël 17 : "Die praktiese gevolge van bepaalde interpretasie ..." moet lees "Die praktiese gevolge van 'n bepaalde interpretasie ..."
 bl. 21, voetnota 12, reël 1 : "Erläuterung" moet lees "Erläuterung"
 bl. 24, voetnota 27, reël 2 : "M.DCC.XXXII" moet lees "M.DCC.LXXXII"
 bl. 43, reël 20 : "daarinteen" moet lees daarenteen"
 bl. 59, voetnota 20 : "Makwassie" moet lees "Makwasie"
 bl. 60, reël 15 : "alteruis" moet lees "alterius"
 bl. 60, voetnota 27 : "Makwassie" moet lees "Makwasie"
 bl. 64, reël 17 : "... tot die tot die gevoltrekking geraak ..." moet lees "... tot die gevolgtrekking geraak ..."
 bl. 69, reël 18 : "sacales" moet lees "scales"
 bl. 71, reël 16 : "Ndlovu" moet lees "Ndhlovu"
 bl. 78, reël 31 : "Erläuterung" moet lees "Erläuterung"

WERD DIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
 GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
 BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

INHOUD

<u>Hoofstuk 1</u>	Inleiding	1
<u>Hoofstuk 2</u>	Die Bedoelingkonsep	5
I.	PROBLEMATIEK	5
II.	NADERE ONTLEDING	7
III.	AANDUIDINGS	11
	A. ALGEMEEN	11
	B. DIE UITLEGSVERMOEDE	15
	1. Aard	16
	2. Regswerking	16
<u>Hoofstuk 3</u>	Herkoms van die fundamentele benaderings	19
I.	INLEIDING	19
II.	ROMEINSE EN ROMEINS-HOLLANDSE REG	20
	A. ALGEMENE BENADERING	20
	1. Die aequitas	21
	2. Strafbepalings	22
	B. SAMEVATTING	24
III.	ENGELSE REG	25
	A. SUBJEKTIEWE BENADERING	25
	B. LETTERLIKE BENADERING	28
	C. DIE ONTSTAAN VAN DIE VERMOEDE BY STRAFBEPALINGS	29
	D. HUIDIGE POSISIE	30
<u>Hoofstuk 4</u>	Nadere beskouing van die praktyksbenadering	33
I.	INLEIDING	33
II.	DIFFERENSIASIE BY STRAFBEPALINGS	34
III.	TEENSTRYDIGE BENADERINGS	40
	A. LETTERLIKE BENADERING	41
	B. FUNKSIONELE BENADERING	43
	C. TOEPASSING	47
IV.	ALGEMENE TEORIE	49

<u>Hoofstuk 5</u>	Skuld by statutêre misdrywe	56
I.	INLEIDING	56
II.	DIE VERMOEDE	58
III.	ABSOLUTE VERBIEDINGE	60
	A. AANDUIDINGS	60
	1. Woorde of samehang van die verbod	60
	2. Doel en strekking van die verbod	60
	3. Moeilik implementeerbaarheid	61
	4. Aard en omvang van die straf	62
	5. Redelikheid	63
	B. KRITIEK	64
IV.	SKULDVORM	66
V.	BEWYSLAS	70
<u>Hoofstuk 6</u>	Slotopmerking	74
	REGISTER VAN GEWYSDES	76
	BIBLIOGRAFIE	78

Hoofstuk 1

Inleiding

Vanweë die ingrypende aard van die strafsanksie is dit wenslik dat daar by die interpretasie van statutêre misdaadsomskrywings omsigtig te werk gegaan moet word.

In teenstelling met die privaatreë wat hoofsaaklik op die reëling van ekonomiese verhoudings betrek is, stel die strafreg in gemeenskapsbelang 'n verskeidenheid sanksies daar wat varieer vanaf 'n minimale geldboete tot 'n langdurige vryheidsontneming en soms selfs 'n oplegging van die doodstraf. In die waardehiërargie van enige beskaafde regstelsel is hierdie ongetwyfeld 'n hooggeskatte aangeleentheid, en daarom behoort die toepassing van die strafsanksie gepaard te gaan met streng waarborge teen 'n uitbreiding tot die nadeel van die individu.¹

Die hoeksteen op hierdie gebied is die leerstuk van nullum crimen sine lege wat ten inhoud het die vereiste dat 'n daad nie strafbaar is indien dit nie wetlik met straf bedreig is nie. Hierdie leerstuk speel beslis by die uitleg van strafbepalings 'n rol insoverre dit analogiese interpretasie en retrospektiwiteit in die weg staan.

Die wetgewer is egter outonoom op sy terrein en dus ook daartoe bevoeg om drastiese inbreuke op die vryheid van die individu te maak indien dit nodig geag word. Soms word aan sodanige wetgewing selfs terugwerkende krag verleen.² Getrou aan die idee

-
1. FRIEDMANN, W., Law in a changing society, Londen, 1959, bl. 48.
 2. Sien bv. die Wet op Terrorisme, no. 83 van 1967.

dat die staatsmagte funksioneel geskei moet word, word die taak van die regspreker by die toepassing van sodanige wetgewing teoreties beperk tot die vasstelling van die bedoeling van die wetgewer en enige regskeppende werksaamheid in hierdie proses word ontken.

Gereeld sal gevalle hulle voordoen waar dit duidelik is dat dit wel deur die betrokke wetsbepaling getref word. Hier is die taak van die regspreker inderdaad beperk tot 'n suiwer toepassing van die bepalings van die wet. Die teendeel is egter ewe waar. Soms kan daar groot onsekerheid bestaan ten opsigte van die vraag of die bepalings van die wet wel op die geval voorhande van toepassing is of nie. In sy soeke na die bedoeling van die wetgewer, word die regspreker dan bygestaan deur 'n verskeidenheid uitlegsreëls wat almal op hierdie bedoeling inslaan, maar dikwels ook onderling teenstrydig kan wees.

Een van hierdie hulpmiddels om tot die wetgewende bedoeling te geraak, is 'n uitlegsvermoede wat 'n temperende inwerking op die omvang van strafbepalings het. Die wetgewer word naamlik vermoed om nie op die regte van die individu 'n inbreuk te wil maak nie, met die gevolg dat waar daar twyfel in 'n besondere geval ten opsigte van die bedoeling bestaan, aanvaar moet word dat die mees begunstigende interpretasie die bedoelde is.

In hierdie verhandeling word gepoog om hierdie aangeleentheid in breë trekke van nader te beskou. Vanweë die wye omvang daarvan, is dit egter onmoontlik om die onderwerp ten volle tot

sy reg te laat kom. Die aandag sal slegs op enkele probleme gevestig word - deurgaans egter met 'n volkome besef van die volgende waarheid:

"A lawyer venturing at the present day to re-examine the principles of statutory interpretation with a view to their restatement must - unless he is invincibly naïve or irredeemably presumptuous or both - have misgivings about the usefulness of the undertaking. He will be aware that there are critics of the highest standing who argue that it is impossible to expound the subject in a rational and useful manner."³

In hoofstuk twee word kortliks op die aard van die bedoeling van die wetgewer ingegaan. Hoofstuk drie is 'n oorsigtelike historiese oorskouing van die uitlegsbenadering in die Romeins-Hollandse en Engelse reg ten einde 'n duideliker perspektief van die huidige praktyksituasie te kan vorm. Laasgenoemde word in hoofstuk vier behandel. Omdat die Engelse reg op hierdie gebied 'n groot invloed in die praktyk uitoefen, word veral in hoofstuk vier ruim van Engelsregtelike gesag gebruik gemaak. In hoofstuk vyf word die posisie rondom mens rea as voorvereiste vir aanspreeklikheid by statutêre misdrywe van nader beskou. Hier sal ook kortliks verwys word na die praktyk wat ontwikkel het om die onus op die beskuldigde te plaas om mens rea te negativer ten einde aanspreeklikheid vry te spring. Dit dien slegs om aan te dui hoe die howe sodoende gepoog het om skuldlose aanspreeklikheid te vermy, en 'n statutêre verskuiwing van hierdie las in die algemeen word nie behandel nie.

3. COWEN, D.V., Prolegomenon to a restatement of the principles of statutory interpretation, in Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg, 1976, vol. 1, no. 2, bl. 131.

In die slothoofstuk word gepoog om 'n antwoord te verskaf op enkele probleme wat in die loop van die bespreking na vore gekom het.

Hoofstuk 2

Die Bedoelingkonsep

I. PROBLEMATIEK

By die interpretasie van 'n wetsbepaling word daar altyd na die bedoeling van die wetgewer gesoek. Dit geskied aan die hand van 'n verskeidenheid uitlegsreëls. 'n Nadere beskouing van hierdie bedoeling wat aan die orde gestel word, bring egter dadelik die problematiese aard daarvan na vore.¹

Die vraag wat ontstaan, is dié na die realisme van 'n veronderstelling dat 'n wetgewende liggaam met meerdere lede 'n bedoeling in psigologiese sin kan hê. Indien dit wel as moontlik aanvaar sou word, is 'n verdere probleem dié betreffende die verhouding tussen sodanige bedoeling en die onderskeie bedoelings van die lede van die liggaam.²

Hierdie vrae word gewoonlik beantwoord deur duidelik te onderskei tussen die bedoeling by 'n bepaling in 'n wet en die bedoeling as doelstelling wat deur die aanname daarvan nagestreef word. 'n Wet word uitgevaardig met die doel om sekere maatskaplike veranderinge aan te bring en deur middel van die gebruik van woorde in omvattende bepalings word gepoog om dit te bewerkstellig.³

Indien dit nou aanvaar sou word dat die bedoeling van die wetgewer dié van die meerderheid lede daarvan is, kan gevalle voorkom waar 'n werklike bedoeling ten opsigte van die gedetailleerde bepalings

-
1. Vgl. DU TOIT, D.C., The dimension of futurity in the law: towards a renewal of the theory of interpretation, in Tydskrif vir Regswetenskap, Jun. 1977, vol. 2, no. 1, bl. 13.
 2. Sien SUMMERS, R.S. (red.) e.a., Essays in legal philosophy, Oxford, 1970, bl. 237 e.v.
 3. ald., bl. 242.

in die wet bestaan. Dit sal egter selde gebeur.⁴ Die moontlikheid dat die meerderheid altyd eenstemmig sal wees by 'n vraag na die betekenis van 'n spesifieke wetsbepaling, word dan ook algemeen verwerp. Rondom die doel van 'n wet is die posisie anders. Enige wet word uitgevaardig om 'n bepaalde doel te bereik, en die moontlikheid van ooreenstemming ten opsigte van die vraag wat sodanige doel is, val buite twyfel. COWEN verduidelik dit as volg:

"If, therefore, by 'legislative intention' we mean legislative purpose, or a general understanding among the legislators enacting the legislation that their act was aimed at achieving a certain result, then to deny the existence of legislative intention is to deny the existence of a legislative function."⁵

Al die bepalings in 'n wet werk mee ter bereiking van hierdie vooropgestelde doel en daarom sal laasgenoemde 'n uiters relevante hulpmiddel wees by die interpretasie van 'n betrokke wetsbepaling. Hierdie waarheid is ingesien deur die gemeenregtelike skrywers wat onderskei het tussen die mens legis en die ratio legis. By die uitleg van 'n wetsbepaling is laasgenoemde as belangrik beskou, want ex ratione legis colligitur mens legis.⁶

Nogtans moet die bedoeling as doelstelling en die bedoeling by 'n betrokke wetsbepaling nie as identies beskou word nie. 'n Wetsbepaling kan uitgelê word sonder verwysing na die doel wat met die wet nagestreef word.⁷ Dikwels sal laasgenoemde ook nie van deurslaggewende hulp by 'n keuse tussen meerdere interpretasies wees nie.⁸

4. COWEN, a.w., bl. 160 e.v.

5. ald., bl. 160.

6. ald., bl. 162.

7. Sien SUMMERS, a.w., bl. 241.

8. COWEN, a.w., bl. 164.

Die bedoeling van die wetgewer by 'n betrokke wetsbepaling is grootliks toegedig.⁹ Dit is 'n term wat gebruik word na analogie van die bedoeling van 'n individu by die opstel van 'n dokument. CROSS laat hom dan ook as volg in hierdie verband uit: "The expression is not so much a description as a linguistic convenience".¹⁰ In die praktyk gaan dit in elk geval nie soseer om 'n werklike bedoeling van die wetgewer nie - 'n feit wat ten duidelikste blyk uit die reël dat parlamentsdebatte wat die uitvaardiging van 'n wet voorafgegaan het, nie in ag geneem mag word by die uitleg van 'n bepaling daarvan nie.¹¹

SAVIGNY, bewus van hierdie probleme rondom die bedoeling van 'n wetgewende liggaam, verwys so na die uitlegsproses as die "Reconstruction des dem Gesetze inwohnenden Gedankens".¹² Waar die woorde wat geïnterpreteer moet word slegs een moontlike en aanvaarbare resultaat inhou, is dit in elk geval onnodig om op die bedoeling in te gaan, maar andersins is hierdie aangeleentheid volgens STONE 'n fiksie wat 'n onvermybare proses van skeppende keuse deur die regspreker inhou.¹³

II. NADERE ONTLEDING

Die woorde in 'n wet is uit die aard van die saak die primêre bron van die wetgewende bedoeling. Wetgewing neem die vorm aan van 'n dialoog tussen owerheid en onderdaan. Bewus van die feit

9. WILLIS, J., Statute interpretation in a nutshell, in South African Law Journal, 1938, vol. 55, bl. 189, stel dit as volg: "The expression does not refer to actual intent - a composite body can hardly have a single intent: it is at most only a harmless ..., way of referring to the social policy behind the Act."

10. CROSS, R., Statutory interpretation, Londen, 1976, bl. 36.

11. Vgl. STONE, J., Legal system and lawyers' reasonings, Londen, 1964, bl. 32.

12. VON SAVIGNY, F.C., System des heutigen römischen Rechts, Berlyn, 1840, vol. 1, bl. 213 (par. 33).

13. a.w., bl. 350.

dat sy woorde die kenbron van sy bedoeling is, word die wetgewer vermoed dit omsigtig te kies ten einde by die onderdaan dieselfde idee tuis te bring as deur hom daarmee beoog, anders sou die wetgewing immers vergeefs wees.¹⁴ Om hierdie rede moet die woorde volgens hul gewone betekenis verstaan word, en die eerste, en dikwels enigste, fase in die uitlegsproses sal dan ook die gelykshakeling van die wetgewende bedoeling met die betekenis van die gebesigde woorde in die volksmond wees.

Die woorde in 'n wet moet as gesaghebbend beskou word. Solank daarby gehou word, bly die interpretasieproses grootliks objektief en word regsekerheid gedien.¹⁵ Niks sal laasgenoemde meer skaad as 'n willekeurige regskepping deur die regspreker nie. Een van die uitlegsreëls wat aan die orde gestel word, stipuleer so dat indien die gewone betekenis van die woorde duidelik is, 'n toepassing daarvan sonder enige bevraagtekening moet geskied.¹⁶

Merendeels sal die bepalings in 'n wet duidelik wees en in sodanige gevalle is die taak van die regspreker beperk tot 'n blote inbring van die betrokke geval onder die reël. Dit is dan inderdaad prinsipiëel en prakties te onderskei van dié van die wetgewer. Laasgenoemde moet altyd waardeer, die regspreker hier nie.¹⁷ Reeds by hierdie oënskynlik lae hekkie word egter dikwels groot probleme ondervind. Gereeld bestaan daar meningsverskil tussen

-
14. STEYN, L.C., Die uitleg van wette, 4de uitgawe deur S.I.E. VAN TONDER, Kaapstad, 1974, bl. 4.
 15. Sien ook onder, bl. 42.
 16. Die kardinale reël.
 17. VAN APELDOORN, L.J., Inleiding tot de studie van het Nederlandse recht, 17de uitgawe deur J.C.M. LEYTEN, Zwolle, 1972, bl. 319.

regters ten opsigte van die vraag wat die betekenis van 'n woord in 'n wet is.¹⁸ Hierdie is 'n aangeleentheid wat 'n wesenlike invloed op die uiteindelijke beslissing kan hê.

Woorde is 'n gebrekkige kommunikasiemedium. Afgesien van die feit dat dit dikwels meerdere betekenisse kan dra, kan selfs semanties-duidelike woorde in sommige gevalle nie die werklike bedoeling van die wetgewer weergee nie.

"... no matter how carefully words are chosen there is a difficulty in selecting language which, while on the face of it expressing generally the idea of the framer of the measure, will not, when applied under certain circumstances, go beyond it, and, when applied under other circumstances, fall short of it."¹⁹

Die woorde in 'n wet sal selde so deeglik geselekteer kan word dat daar by alle moontlike gevalle sekerheid sal bestaan. Die wetgewer kan in elk geval ook nie al die moontlikhede wat hulle mag voordoën, voorsien nie. By die daarstelling van wetsvoorskrifte word 'n veralgemenende benadering gevolg - daar word uitgegaan van die tipiese en nie die uitsonderingsgevalle nie.²⁰ Die woorde word dan ook hiervolgens ingeklee. HENNING meen so dat dit vir die wetgewer met sy abstrakte en sjabloonagtige behandeling onmoontlik is om op hierdie manier die individualiteit van die geval tot sy reg te laat kom, want die wese van individuele herberg altyd 'n verrassingsmoment.²¹ By die

18. Sien HAHLO, H.R. en E. KAHN, The South African legal system and its background, Kaapstad, 1973, bl. 180.

19. Aldus Hoofregter INNES in Venter vs. R., 1907 T.S. 910 op bl. 913.

20. HENNING, P., Reg, billikheid en in verband daarmee regterlike regsforming, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 1968, vol. 31, no. 3, bl. 250.

21. ald.

toepassing van 'n wet op die konkrete geval kan gevolglik groot probleme ontstaan omdat die woorde daarvan gebrekkig is. Gevalle kan byvoorbeeld voorkom wat wel binne die letter van die wet val, maar wat vasstaan nooit deur die wetgewer beoog te kon gewees het nie. Die teendeel is ewe waar. Veral die atipiese geval is hier ter sprake.

Die vraag ontstaan dus of daar altyd by die letterlike betekenis van die woorde in 'n wet gehou moet word. Sou 'n afwyking geregverdig wees, ontstaan die verdere vraag onder welke omstandighede dit mag geskied en tot welke mate die woorde geweld aangedoen mag word. Die beswaar teen 'n letterknegtelike benadering is juis die feit dat aan die letterlike betekenis van die woorde absolute gesag verleen word. Volgens so 'n benadering word enige afwyking van hierdie betekenis misken, want judicis est ius dicere sed non dare.²² Indien nie by die woorde gehou word nie, sou die uitlegger hom dan op die terrein van die wetgewer begeef.

In die gemene reg is egter al erken dat die bedoeling van die wetgewer nie slegs blyk uit die betekenis van die gebesigde woorde nie, maar ook uit ander nie-linguistiese aanduidings wat soms so kragtig mag wees dat dit die woorde kan opsyskuif.²³ So beperk SAVIGNY nie die bron van die wetgewende bedoeling tot die woorde in die wet nie, maar onderskei tussen vier faktore wat by wetsuitleg in ag geneem moet word, naamlik die grammatikale, die sistematiese, die historiese en die logiese.²⁴ Hy verdui-

22. Sien hoofstuk 4.

23. Vgl. COWEN, a.w., bl. 159.

24. a.w., bl. 213 e.v. (par. 33).

delik verder dat al vier gelyktydig in ag geneem moet word:

"Es sind also nicht vier Arten der Auslegung, unter denen man nach Geschmack und Belieben wählen könnte, sondern es sind verschiedene Thätigkeiten, die vereinigt wirken müssen, wenn die Auslegung gelingen soll."²⁵

III. AANDUIDINGS

A. ALGEMEEN

Onder die gemeenregtelike skrywers is die feit dat die woorde in 'n wet nie die enigste bron van die bedoeling is nie, sterk beklemtoon. Op SAVIGNY se analise van die indicia is voortgebou en as aanduidings is die ratio van die wet erken, asook die onderwerp waarmee dit handel en die historiese agtergrond daarvan.²⁶

STEYN dui so aan dat 'n bepaling in 'n wet nie as op sigself staande uitgelê moet word nie, maar wel in sy samehang met die hele wet.²⁷ Die uitlegger moet dus die hele wetstek in ag neem, met ander woorde die gewone betekenis van die woorde wat geïnterpreteer moet word, asook die samehang daarvan met die oorblewende bepalings, want gereeld blyk die betekenis van 'n wetsbepaling uit dit wat voorafgaan of wat volg.²⁸ Hierdie waarheid kom tot uiting in reëls soos expressio unius est exclusio alterius en ejusdem generis.²⁹ Nie slegs die bepalende gedeeltes in die wet is hier van belang nie, maar byvoorbeeld ook die aanhef en opskrifte bo hoofstukke en artikels.³⁰

25. ald., bl. 215 (par. 33).

26. COWEN, a.w., bl. 159.

27. a.w., bl. 142. Vgl. D.1.3.24.

28. Vgl. VOET, J., The selective Voet, being the commentary on the Pandects, vert. deur P. GANE, Durban, 1955, vol. 1, bl. 53 e.v. (1.3.20).

29. WILLIS, a.w., bl. 192.

30. Vgl. bv. S. vs. W., 1975 (3) S.A. 841 (T).

Die wetgewing binne 'n regsorde vorm 'n geheel - die beginsel van juridiese eenheid te midde van 'n veelheid - en derhalwe kan dit by die interpretasie van 'n wetsbepaling altyd nuttig wees om daarop te let hoe die wetgewer homself uitdruk in 'n ander wet wat 'n soortgelyke aangeleentheid behandel.

Die onderwerp wat deur 'n wet bestryk word, kan selfs die betekenis van duidelike en presiese woorde kleur.³¹ Die vraag wat hier beantwoord moet word, is die volgende: "... what is the meaning of this word when read against the background of that part of human conduct with which the Act is dealing?"³² In S. vs. Kiley³³ word 'n duidelike voorbeeld gevind waar die agtergrond waarteen die woorde gebesig is, die betekenis daarvan beïnvloed het. Die vraag voor die hof was na die betekenis van die woord "publish" in artikel 44 van die Wet op Gevangenis.³⁴ Hierdie artikel maak dit 'n misdryf om vals inligting te publiseer aangaande die gevangenisadministrasie of die optrede van gevangenes. Die hof bevind dat die onderwerp waarmee die wet handel duidelik die beskerming is van die publieke vertroue in sodanige administrasie, asook tot 'n mindere mate die reputasie van gevangenes. Nieteenstaande die feit dat hier 'n strafbepaling voorhande is, word die wyer lasterregtelike betekenis van die woord, naamlik 'n bekendmaking aan enkelinge, as die bedoelde aanvaar, terwyl die gewone taalkundige betekenis daarvan juis kennisname deur die groter geheel van die publiek impliseer en 'n navolging waarvan tot 'n vrypraak sou lei.³⁵

31. WILLIS, a.w., bl. 194.

32. ald., bl. 193.

33. 1962 (3) S.A. 318 (T).

34. Wet no. 8 van 1959.

35. Op bl. 321 van die verslag stel die hof dit as volg: "Now in every instance to arrive at the ordinary sense of words used the language cannot be divorced from its context and therefore from the subject-matter which is being considered by the lawgiver."

Binne grense kan ook die regsgeskiedenis van die wet self, wat onder andere die verslae van parlementêre kommissies insluit, in ag geneem word.³⁶

Die sosiale, politieke, ekonomiese en geografiese omstandighede waaronder 'n wet uitgevaardig is, werp dikwels lig op die betekenis van 'n bepaling daarvan.³⁷ In S. vs. Hartman; S. vs. Jacobs³⁸ het dit byvoorbeeld gegaan rondom die interpretasie van artikel 108 bis van die ou Strafproseswet,³⁹ wat onder sekere omstandighede 'n wye diskresionêre bevoegdheid aan die prokureur-generaal verleen wanneer dit die vrylating van 'n persoon op borgtog aanbetref. Omdat die wetsbepaling aangeneem is op 'n stadium toe toestande in die land bykans aan 'n noodsituasie gegrens het, word bevind dat die kwalifikasie, "in belang van die veiligheid van die publiek of handhawing van die openbare orde", algemeen verstaan moet word en nie slaan op slegs die bedreiging van die veiligheid van enkelinge nie.

Die praktiese gevolge van bepaalde interpretasie kan ook aanduidend wees.⁴⁰ Die wetgewer word veronderstel sinvolle, billike en prakties-werkbare resultate te beoog.⁴¹ VOET meen so dat dit kan blyk dat die gewone betekenis van die wetgewende woorde nie die werklike bedoeling agterliggend daaraan weergee nie, indien 'n toepassing daarvan tot anomaliese gevolge sou lei.⁴² Waar verskeie moontlike interpretasies hulle voordoen, moet dié een dan altyd nagevolg word wat sodanige gevolge vermy. Selfs waar die grammatikale betekenis van die woorde in 'n wet absoluut

36. COWEN, a.w., bl. 160.

37. ald.

38. 1968 (1) S.A. 278 (T).

39. Wet no. 56 van 1955.

40. COWEN, a.w., bl. 160.

41. ald.: Hierdie is dus eintlik 'n vermoede.

42. a.w., vol. 1, bl. 54 (1.3.20).

duidelik is, kan hierdie 'n teken wees dat dit nie die werklike bedoeling van die wetgewer weergee nie, in welke geval die uitlegger byvoorbeeld op die bron waaruit die bepaling geneem is, kan teruggaan ten einde sodanige bedoeling vas te stel.⁴³

Hierbo is reeds daarop gewys dat die ratio van 'n wet belangrik is by die interpretasie van 'n bepaling daarvan. Wetgewing is 'n doelgerigte aktiwiteit en derhalwe moet dié interpretasie sovermoontlik nagestreef word wat met die oogmerke van die wetgewer strook. Hierdie ratio van 'n wet kan blyk uit die wet as geheel, die onderwerp waarmee dit handel, omringende omstandighede, asook die aanhef.⁴⁴ In S. vs. Mnguni⁴⁵ het die vraag byvoorbeeld ter sprake gekom of 'n motor aan te merk is as 'n "gevaarlike wapen" in terme van die Wet op Gevaarlike Wapens.⁴⁶ Die hof bevind dat dit wel letterlik binne die omskrywing daarvan val, maar weier om dit as sodanig te behandel omdat dit dan te verwyder sou wees van die kwaad waarteen die wet gerig is.

Hierdie is dus 'n duidelike voorbeeld van die werking van die stelreël cessante ratione legis, cessat et lex ipsa. Die ratio van 'n wet kan dikwels ook 'n wye betekenis van woorde vereis.

In R. vs. Moosa⁴⁷ stel Appélregter SCHREINER dit as volg:

"... words in a penal statute may be given a wide meaning, even to the disadvantage of the accused, so as to accord with the manifest purpose of the Legislature".⁴⁸

43. Sien die uitspraak van Hoofregter RUMPF in Ebrahim vs. Minister of The Interior, 1977 (1) S.A. 665 (A) - veral op bl. 674; In die praktyk word die reël erken dat selfs van woorde met slegs een moontlike betekenis afgewyk kan word indien 'n toepassing daarvan sou lei tot 'n absurditeit wat die wetgewer nooit kon beoog het nie. 'n Bespreking hiervan volg in hoofstuk 4.

44. COWEN, a.w., bl. 162.

45. 1977 (3) S.A. 63 (N).

46. Wet no. 71 van 1968.

47. 1960 (3) S.A. 517 (A).

48. Op bl. 529 van die verslag.

Hierdie ander aanduidings van die bedoeling kan dus dikwels 'n afwyking van die gewone betekenis van die woorde in 'n wet vereis. Die taak van die uitlegger as wetstoepasser sal dan beslis verder strek as 'n bloot logiese werksaamheid, want tussen hierdie indicia wat in verskillende rigtings mag dui, sal opgeweeg moet word. Die bewerking wat die wet soms so moet ondergaan, kan heel oppervlakkig wees, maar ook diep ingrypend, soos wanneer die uitlegger hom heeltemal deur die ratio van die wet laat lei.⁴⁹

WIARDA som dit as volg op:

"De keuzemogelikheden die de rechter daarbij heeft, maken duidelijk dat interpretatie, wetsvertolking, de eerste stap is op de weg die van een gebonden naar een vrije rechtsvinding leidt."⁵⁰

Met hierdie feit in gedagte, kan die volgende aanduiding van die wetgewende bedoeling vervolgens van nader beskou word. Dit word dikwels aangevoer dat 'n strafbepaling begunstigend geïnterpreteer moet word - 'n reël gebaseer op 'n vermoedelike bedoeling van die wetgewer om nie op die vryheid van die individu 'n inbreuk te wil maak nie.

B. DIE UITLEGSVERMOEDE

In die uitlegsleer word 'n verskeidenheid vermoedens as kenbron van die wetgewende bedoeling by 'n wetsbepaling aan die orde gestel. "They are more than simply methods of legal approach, however, being rules of common law."⁵¹ In R. vs. Mbambo⁵² stel die hof die werking van die vermoede baie sterk by 'n strafbepaling wat vatbaar was vir twee redelike interpretasies: "As this

49. WIARDA, G.J., Drie tipen van rechtsvinding, Zwolle, 1972, bl. 13 e.v.

50. ald., bl. 13.

51. HAHLO en KAHN, a.w., bl. 202.

52. 1964 (1) S.A. 832 (R).

is a penal statute, the more lenient construction has to be adopted as a matter of law ..."⁵³

1. Aard

MAXWELL verduidelik die aard van die uitlegsvermoede as volg:

"Before adopting any proposed construction of a passage susceptible of more than one meaning, it is important to consider the effects or consequences which would result from it, for they often point out the real meaning of the words. There are certain objects which the Legislature is presumed not to intend, and a construction which would lead to any of them is therefore to be avoided."⁵⁴

Waar by al die ander aanduidings objektiewe afleidingsgronde aanwesig is waaruit die bedoeling afgelei word, is dit egter nie die geval by die vermoedens nie.⁵⁵ Uit hoofde hiervan word telkens 'n bedoeling aan die wetgewer toegeskryf wat, volgens CILLIERS, saamval met bepaalde karaktereienskappe wat by hom veronderstel word.⁵⁶ "In dié lig gesien, kan die wetgewer beskou word as 'n verpersoonliking van die redelike man, die diligens paterfamilias, van die reg."⁵⁷

2. Regswerking

Die werklike effek van die uitlegsvermoede by die interpretasie van 'n bepaling het egter tot 'n polemieke aanleiding gegee.

COCKRAM stel die werking hiervan as volg:

"These are used by the court to interpret 'ambiguous' texts. They are all 'rebuttable' by contrary indications in a particular statute."⁵⁸

53. Op bl. 833 van die verslag.

54. MAXWELL, P.B., The interpretation of statutes, 9de uitg. deur G.H.B. JACKSON, Londen, 1946, bl. 85.

55. CILLIERS, H.S., Die betekenis van vermoedens by wetsuitleg, in South African Law Journal, 1962, vol. 79, no. 2, bl. 193.

56. ald., bl. 194.

57. ald.

58. COCKRAM, G.-M., The interpretation of statutes, Kaapstad, 1975, bl. 50.

Die vermoedens is gerig op die voorkoming van regsonsekerheid en is as sodanig aannames wat telkens ten opsigte van die betekenis van 'n wet gemaak word.⁵⁹ Die kritieke vraag is egter tot welke mate dit as deurslaggewend geag behoort te word.

Enersyds is die mening uitgespreek dat die vermoedens nie slegs by 'n onduidelike bepaling ter sprake kom nie, maar in alle gevalle saam met die bepalings van die wet geld totdat weerlegging plaasvind.⁶⁰ Andersyds word aangevoer dat dit bloot 'n tersiêre bron is waartoe die uitlegger hom kan wend nadat alle objektiewe afleidingsgronde as primêre en sekondêre kenbronne van die wetgewende bedoeling tot 'n negatiewe resultaat gelei het.⁶¹ Hiervolgens geld die duidelike en ondubbelsinnige woorde in 'n wet as die primêre bron, terwyl interne en eksterne hulpmiddels, asook die gronde wat gevind word in die reëls betreffende restriktiewe en ekstensiewe interpretasie, 'n sekondêre hulpmiddel vorm.⁶² Die toepassing van die vermoede dien dus as laaste alternatief waartoe oorgegaan kan word in dié gevalle waar niks anders ten opsigte van die bedoeling duidelik is nie.

In sy bespreking van die uitlegsvermoede teen staatsgebondenheid, spreek LABUSCHAGNE die volgende mening ten opsigte van hierdie probleem uit:

"Die grondslag van die prinsipiële problematiek by die uitleg van wette is geleë in die dogmatiese, maar onrealistiese assumpsie van die idee dat die staatsmagte funksioneel geskei kan word. As gevolg hiervan word die regskeppende funksies van die regspreker teoreties weggedink. Die regspreker het inderdaad periferale

59. WIECHERS, M., Die bronne van die administratiefreg, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 1966, vol. 29, no. 2, bl. 116.

60. ald., bl. 115 e.v.

61. CILLIERS, a.w., bl. 203; Vgl. HAHLO en KAHN, a.w., bl. 202.

62. ald.

regskeppende funksies en daarom vorm hy onvermydelik deel van die wetgewingsproses."⁶³

'n Antwoord op die vraag na die presiese werking van die uitlegvermoede is dus nou verbonde aan die funksie wat die regspreker beskou word by die toepassing van 'n wet te vervul. Alvorens hierdie aangeleentheid van nader beskou word, word in die volgende hoofstuk eers kortliks ondersoek ingestel na die rol wat die regspreker, histories gesien, in hierdie opsig bekleed het.

63. LABUSCHAGNE, J.M.T., Die uitlegsvermoede teen staatsgebondenheid, in Tydskrif vir Regswetenskap, Nov. 1978, vol. 3, no. 2, bl. 62.

Hoofstuk 3

Herkoms van die fundamentele benaderings

I. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die woorde in 'n wet heel dikwels by 'n toepassing daarvan op die konkrete geval nie die werklike agterliggende bedoeling sal weergee nie. Hierdie waarheid is, soos aangetoon, terdeë deur die Romeins-Hollandse skrywers ingesien en bykans deurqaans word die mening uitgespreek dat die uitlegger in diesulke gevalle nie daarby moet volstaan nie, maar aan die duidelike bedoeling van die wetgewer gevolg moet gee. In hierdie proses het die aequitas 'n leidende funksie vervul. DU TOIT meen as volg in hierdie verband:

"Die vermoë tot kragtige afwysing van enige rigor iuris (ook genoem summum ius) vorm waarskynlik die mees vitale aspek van die Romeins-Hollandse reg."¹

'n Kentering het eqter hier te lande ingetree na die Britse inbesetname in die negentiende eeu.² Die woorde in die wet is nou al meer as dominerend beskou, met die gevolg dat enige ander aanduidings van 'n moontlik afwykende bedoeling as nie ter sake aangemerkt is.

"The current of modern decisions seems to be in favour of considering the literal meaning of the words in which the statute is expressed as the primary index to

-
1. DU TOIT, D.C., Die aequitas en regulatiewe regsbeginsels, in Tydskrif vir Regswetenskap, Junie 1976, vol. 1, no. 1, bl. 49.
 2. Sien DUGARD, J., The judicial process, positivism and civil liberty, in South African Law Journal, 1971, vol. 88, bl. 184.

the intention with which the statute was made, and to abide by the literal meaning even where it varies from other indications of the actual intention of the legislature."³

Hierdie twee benaderings ken aan die reqspreker heel verskillende rolle toe by die toepassing van die wet. In hierdie hoofstuk volg 'n kort bespreking daarvan.

II. ROMEINSE EN ROMEINS-HOLLANDSE REG

A. ALGEMENE BENADERING

'n Subjektiewe benadering is gevolg. Hiervolgens word 'n duidelike onderskeid getref tussen 'n gedagte en die uitdrukking daarvan in woorde, met die sentrale idee dat indien dit uit ander nie-linguistiese aanduidings blyk dat die woorde in 'n wet nie die werklike bedoeling van die wetgewer weergee nie, dit voor sodanige ander aanduidings moet wyk.⁴ Die wet is dus geag om geleë te wees in die bedoeling en nie in die woorde nie.⁵

CELSUS verduidelik die hele aanleentheid as volg: "Scire leges non hoc est verba earum tenere, sed vim ac potestatem".⁶

Verskeie Romeins-Hollandse skrywers laat hulle ook te dien effekte uit.⁷ Hoewel die wetgewende woorde nie as absoluut gesaghebbend beskou is nie, was dit nogtans nie waardeloos nie.

VOET is van mening dat dit veiliger is om by die betekenis daarvan te hou indien 'n ander bedoeling nie vasstaan nie.⁸

3. Aldus Hoofregter DE VILLIERS in De Villiers vs. The Cape Divisional Council, 1875 Buch. 50 op bl. 65. Hier word verwys na die toentertydse neiging in die Engelse reg.

4. COWEN, a.w., bl. 153.

5. STEYN, a.w., bl. 58, haal die volgende mening van DONELLUS aan: "Leges non consistunt in verbis, sed in eo quod auctor voluit".

6. D.1.3.17.

7. Vgl. bv. VOET, a.w., vol. 1, bl. 11 (1.1.6): "Certainly to know law is not to cleave to its letter, but rather to its force and effect."

8. a.w., vol. 1, bl. 53 e.v. (1.3.20).

Die belang van hierdie benadering is egter geleë in die feit dat die uitlegger nie absoluut gebonde was aan die wetgewende woorde nie, maar dit telkens aan die hand van die aequitas by die eise van die geval moes aanpas.

1. Die aequitas

"Dit skyn of die gedagte aan 'n billikheidsreg gebore is uit die oortuiging dat dit onmoontlik is om die regslewe volledig te reglementeer. Veral geregtigheid vir die besondere geval kan nie so verwesenlik word nie."⁹ In die Romeinse reg is reeds ingesien dat 'n wet nie alomvattend opgestel kan word nie.

"Non possunt omnes articuli singillatim aut legibus, aut senatus consultis comprehendi: sed cum in aliqua causa sententia eorum manifesta est, is qui iurisdictioni praeest, ad similia procedere atque ita ius dicere debet."¹⁰

Dit was dan die taak van die regspreker om aan die billikheid gevolg te gee in die gevalle waar die wet gebrekkig was of leemtes vertoon het deurdat dit nie by magtewas om in ongelyke gevalle aan elkeen sy gelykheid te verskaf nie. In die proses moes hy hom, volgens DE GROOT, na die beginsels van die natuur wend ten einde sodoende uit die oneindigende aan te vul dit wat aan die eindigende reël ontbreek het, en wel omdat dit die bedoeling van die wetgewer sou wees om alles vanuit hierdie natuurbeginsels te reël.¹¹ By die woorde moes egter nie volstaan word nie.¹²

9. HENNING, a.w., bl. 247.

10. D.1.3.12.

11. Sien die bespreking van DU TOIT, Die aequitas en regulatiewe regsbeginselfs, bl. 43 e.v.

12. GLÜCK, C.F. (red.), Ausführliche Erläuterung der Pandecten nach Hellfeld, ein Commentar, 2de uitg. Erlangen, 1797, vol. 1, bl. 212, verduidelik dat die billikheid vir die regter onder andere uit die volgende bestaan; "Dass er nicht bei den Worten des Gesetzes stehen bleiben, sondern überall auf die Absicht sehen müsse, welche durch das Gesetz unmittelbar erreicht werden soll. 'Benignius leges interpretandae sunt ... quo voluntas earum conservetur.'"

Die mening dat billikheid nie gedien kan word indien altyd by die woorde in 'n wet volstaan word nie, word ook deur VOET gehuldig. Baie sterk stel hy dit as volg: "He who, holding to the letter of a law, opposes its intention and meaning, may be said to act in fraud of that law."¹³ Op hierdie manier regverdig hy analogiese interpretasie, omdat billikheid daarin bestaan dat gelyke gevalle - dit wil sê gevalle waarin dieselfde ratio aanwesig is - 'n gelyke behandeling te beurt moet val.¹⁴ Verder word ook verwys na 'n geval wat duidelik binne die letter van die wet val, maar waarby die ratio daarvan ontbreek. 'n Persoon wat op die stadsmure was ten einde dit te verdedig, moet naamlik nie gestraf word ingevolge 'n wet wat die bestyging van sodanige mure belet nie, want "... it was never doubted that such extreme law could rightly be called the extremity of wrong and injustice."¹⁵

"It will therefore be needful in the decision of such cases that equity should be observed, and that it should be preferred to strict law and to excessively exact and subtle arguments."¹⁶

Billikheid is dan ook die beweegrede vir 'n differensiasie by die uitleg van strafbepalings.

2. Strafbepalings

PAULUS meen as volg ten opsigte van die uitleg van strafbepalings:

13. a.w., vol. 1, bl. 11 (1.1.6).

14. ald., bl. 53 (1.3.20).

15. ald., bl. 11 (1.1.6). Vgl. ook GLÜCK, a.w., bl. 212.

16. ald., bl. 10 (1.1.6).

"In poenalibus causis benignius interpretandum est".¹⁷ Die uitlegger moet dus by 'n strafbepaling dié interpretasie volg wat die beskuldigde sal bevoordeel.¹⁸ Soms word dit ietwat anders gestel, naamlik dat by strafbepalings die strengste betekenis van die woord as die bedoelde aanvaar moet word.¹⁹

GLÜCK toon aan dat billikheid onder andere daarin bestaan dat die regter by twyfelagtige gevalle, waar dit nóg die uitbreidende uitleg, nóg die inkortende uitleg aan gronde ontbreek, terwyl beide ewe waarskynlik is, eerder die sagtere mening moet kies, naamlik dié een wat die meeste met die natuurreg ooreenstem of minstens die verste van die strengheid afwyk.²⁰ Hierdie reël was reeds in die Romeinse reg bekend.²¹ Die rede hiervoor word deur DONELLUS aangegee geleë te wees in die feit dat toeskietlikheid beide billikheid en menslikheid beteken.²²

-
17. D.50.17.155. Vgl. Moss vs. Sissons and McKenzie, 1907 E.D.C. 156 op bl. 167 vir die volgende: "The observation of Paulus ... is a just and sound one, for it imports that where the language is obscure or ambiguous the Court should give the benefit of the doubt in favour of the defendant or of the accused."
18. In D.48.19.42 word dit as volg gestel: "Interpretatione legum poenae molliendae sunt potius, quam exasperandae".
19. STEYN, a.w., bl. 117 verwys na die volgende mening in Hollandsche Consultatien: "In poenis strictissima verborum significatio accipienda est".
20. a.w., bl. 213.
21. In D.50.17.56 word dit as volg gestel: "Semper in dubiis benigniora praeferenda sunt".
22. De jure civili, l.15.9. - soos aangehaal in STEYN, a.w., bl. 120.

Volgens GLÜCK moet die billike regter dan ook by strafbepalings meer geneig wees om vry te spreek as om te veroordeel en die straf eerder versag as verswaar.²³

Die waarskuwing is egter gereeld uitgespreek dat daar omsigtig met 'n begunstigende interpretasie te werk gegaan moet word, sodat die wet nie eerder omseil as gestand gehou word nie.²⁴

Dit gaan ook hier om die bedoeling van die wetgewer, en VOET meld dat slegs bevoordelend uitgelê moet word waar die bedoeling van die wetgewer nie seker is nie.²⁵ Hy erken selfs analogiese interpretasie by strafbepalings. Omdat dit dan ook op hierdie gebied vir die wetgewer onmoontlik is om alle gevalle individueel by die woorde in die wet op te neem, moet na die betekenis gesoek word wat die woorde wil weergee, en indien duidelik, moet geregtigheid geskied deur die toepassing daarvan op analoë gevalle - 'n mening gebaseer op 'n vermoedelike bedoeling van die wetgewer:

"Still since he is to be presumed to wish to follow equality, reason and moderation in punishing, no other inference can be drawn than that he meant equal punishments also to be inflicted for equal wrongdoings."²⁶

Hierdie reëling word egter nie van toepassing gemaak by optredes wat bloot statutêr tot misdryf verhef is, maar andersins van nature kleurloos en derhalwe regtens geoorloof sou wees nie.²⁷

B. SAMEVATTING

Dit blyk dus dat 'n starre woordgebondenheid in die Romeinse en

23. a.w., bl. 214.

24. Sien GANE se kommentaar na aanleiding van VOET, a.w., vol. 1, bl. 50 e.v. (1.3.20).

25. a.w., vol. 7, bl. 511 (48.19.8).

26. ald., bl. 513 (48.19.9). Vgl. R. vs. Forlee, 1917 T.P.D. 52 op 55.

27. ald. Ook in Nieuw Nederlands Advys-boek, C. VAN DER KOP, Gravenhage, M.DCC.XXXII, vol. 2, bl. 58 e.v., word verklaardat alles wat nie expresse et totidem verbis verbied word nie, geoorloof bly by 'n verbodsbepaling wat inbreuk maak op die natuur-regtelike vryheid van die mens om in die huwelik te tree.

Romeins-Hollandse reg vermy is. Die Romeins-Hollandse refter was beslis nie in sy toepassing van die wet absoluut deur die woorde daarvan gedomineer nie, maar moes telkens waar die wet tekort skiet aan die hand van die billikheid reg spreek. Hoewel die billikheid hom genoop het om by strafbepalings inkortend uit te lê, was dit nie 'n middel waardeur die bepaling van die wet omseil kon word nie, maar slegs 'n navolging van die vermoedlike bedoeling van die wetgewer, naamlik om billikheid te bewerkstellig.²⁸

Waar die bedoeling van die wetgewer duidelik was, moes dit nagevolg word ongeag die ingrypende aard van die wet, want ook die harde wet is inderdaad wet. Billikheid kom hier nie ter sprake nie, want die wet is nie defektief uit hoofde van onvolledigheid nie.²⁹

"Yet assuredly the force of equity will not ... have the effect of enabling a judge under cover of it to claim for himself the freedom to cast aside the law as harsh and unjust, and give a decision contrary to the clear dictation of the law. A judge should give judgment according to the law, without pronouncing on its justice or injustice."³⁰

III. ENGELSE REG

A. SUBJEKTIEWE BENADERING

Tydens die Middeleeue is 'n subjektiewe uitlegsbenadering, gelyksoortig aan dié in die Romeins-Hollandse reg, aan die

28. Vgl. in hierdie verband STEYN, a.w., bl. 106 e.v.

29. Sien DU TOIT, Die aequitas en regulatiewe regsbeginself, bl. 44 e.v.

30. VOET, a.w., vol. 1, bl. 55 (1.3.23)

orde gestel in die Engelse reg.

"As a nut consists of a shell and a kernel so every statute consists of the letter and the sense, and as the kernel is the fruit of the nut so the sense is the fruit of the statute."³¹

'n Duidelike funksieskeiding tussen die regsprekende en wetgewende gesag het nog nie bestaan nie, met die gevolg dat regters nou by die wetgewingsproses betrokke, en dikwels goed op hoogte met die bedoeling van die wetgewer in 'n besondere geval, was.³² Hierdie bedoeling is dan ook gereeld buite die woorde van die wet om verduidelik.

Dit blyk duidelik dat veel waarde nie aan die woorde in 'n wet geheg is nie en restriktiewe en ekstensiewe interpretasie het gereeld voorgekom.³³ 'n Uitbreiding van die bepalings in 'n wet na nie-uitgedrukte gevalle, het geskied aan die hand van "the equity of the statute", 'n aangeleentheid wat Lord COKE as volg verduidelik:

"'Equity' ... is a construction made by the Judges, that cases out of the letter of a statute, yet being within the same mischief, or cause of the making of the same, shall be within the same remedy that the statute provideth; and the reason hereof is, for that the law-makers could not possibly set down all cases in express terms."³⁴

Die werklike belang van hierdie Middeleeuse benadering is geleë in die feit dat interpretasie beskou is as 'n aangeleentheid

-
31. Eyston vs. Studd (1574), 2 Plowden 463 - soos aangehaal in CRAIES, W.F., Craies on statute law, 5de uitg. deur C.E. ODGERS, Londen, 1952, bl. 95 e.v.
 32. PLUCKNETT, T.F.T., A concise history of the common law, 5de uitg., Londen, 1956, bl. 331.
 33. Sien CROSS, a.w., bl. 8 e.v.
 34. 1 Inst. 24b. - aangehaal deur CRAIES, a.w., bl. 95 e.v. Daar is egter aanduidings dat hierdie gebruik nie by strafwetgewing gegeld het nie.

waarby die uitlegger effek moes gee aan die oogmerk van die wetgewer by die uitvaardiging van die wet. Waar 'n probleem in 'n besondere geval ontstaan het rondom die bedoeling van die wetgewer by 'n bepaling, moes die uitlegger altyd op die ratio van die wet let en die interpretasie navolg wat dit die beste sal dien.³⁵ Die klem het allermens op die woorde in die wet geval. Die "mischief rule" is dan ook in hierdie era geformuleer en lui as volg:

"... for the sure and true interpretation of all statutes in general (be they penal³⁶ or beneficial, restrictive or enlarging of the common law), four things are to be discerned and considered:

- 1st. What was the common law before the making of the Act,
- 2nd. What was the mischief and defect for which the common law did not provide,
- 3rd. What remedy the Parliament hath resolved and appointed to cure the disease of the Commonwealth, and
- 4th. The true reason of the remedy; and then the office of all the judges is always to make such construction as shall suppress the mischief, and advance the remedy ..."³⁷

CROSS meen dat hierdie reël 'n tipiese produk van die era voor die erkenning van die soewereiniteit van die parlement is.³⁸

Voortaan sou die klem al meer op die letter van die wet val, dikwels ten koste van die oogmerke wat deur middel van die

35. Vgl. bo, bl. 6, en onder, bl. 51 e.v.

36. CRAIES, a.w., bl. 502 verwys na Attorney-General vs. Sillem (1863), 2 H. + C. 431,509 waar die volgende mening uitgespreek word ten opsigte van hierdie term: "All the penal statutes there alluded to, and in all the places where that doctrine is to be met with, are statutes which create some disability or forfeiture; none of them are statutes creating a crime, and I think it is altogether a mistake to apply the resolutions in Heydon's Case to a criminal statute which creates a new offence." Vgl. ook CROSS, a.w., bl. 10.

37. Heydon's Case (1584), 3 Co. Rep. 7a - aangehaal in CROSS a.w., bl. 9.

38. a.w., bl. 9.

wetgewing nagestreef is.³⁹

B. LETTERLIKE BENADERING

Die toenemende rol wat die parlement by wetgewing begin speel het en die gevolglik kwynende deelname deur regters, het die situasie laat verander. Die aanvaarding van die soewereiniteit van gemelde liggaam en 'n oorbeklemtoning van hierdie begrip, het nou die uitleg van wette al hoe meer op die letter van die wet betrek. Wette is nou nie meer beskou as breë riglyne waarbinne die uitlegger 'n wye diskresie geniet het nie, maar as tekste wat streng uitgelê moet word.⁴⁰

Die gewone betekenis van die woorde in 'n wet is nou absoluut as gesaghebbend beskou, omdat 'n alvermoënde parlement dan in staat sou wees om sy woorde volmaak te kies ten einde sy wil aan die onderdaan oor te dra.⁴¹ Selfs waar uit ander indicia van die bedoeling geblyk het dat die woorde in 'n besondere geval nie die werklike bedoeling van die wetgewer weerspieël nie, moes daarby gehou word, want anders is die regspreker besig om self reg te skep. Omdat die reg en die moraal duidelik onderskei moes word, was enige billikheidsvrae ook irrelevant; en 'n toepassing van die wet moes altyd sonder enige bevraagtekening geskied.⁴²

Die "golden rule" het egter spoedig ontwikkel en hiervolgens was dit vir die uitlegger geoorloof om van selfs die duidelike betekenis van die woorde in 'n wet af te wyk waar 'n letterlike

39. ald.

40. PLUCKNETT, a.w., bl. 333.

41. Sien COWEN, a.w., bl. 165.

42. Vgl. DUGARD, a.w., bl. 186 e.v.

toepassing daarvan tot 'n absurditeit sou lei.⁴³ Verder blyk dit ook dat strafwetgewing nie so blindelings toegepas is as wat deur 'n letterlike benadering vereis word nie. Die resultate van 'n suiwer letterlike toepassing is beslis in ag geneem.

C. DIE ONTSTAAN VAN DIE VERMOEDE BY STRAFBEPALINGS

Volgens CROSS het die vermoede dat strafbepalings begunstigend geïnterpreteer moet word, sybeslag in hierdie agtiende eeuse letterlike benadering gevind, en die werking daarvan is veral te bespeur in die streng woordelikse uitleg wat by strafwetgewing nagevolg is.⁴⁴

Die strafreg in die agtiende en neëntiende eeu is gekenmerk deur 'n veelheid van onbenullige misdrywe wat met die dood strafbaar gestel is - 'n verwikkeling waarteen 'n sterk publieke opinie bestaan het.⁴⁵ Midde in hierdie konflik het die howe die rigting ingeslaan om strafbepalings streng te interpreteer en op hierdie manier is gepoog om die barbaarse gevolge van 'n toepassing daarvan te vermy.

Dit blyk egter duidelik dat dit nie hier soseer om 'n vermoedelijke bedoeling van die wetgewer gegaan het nie. Soms was 'n bepaalde interpretasie juis lynreg in stryd met sodanige bedoeling, deurdadig twyfel geskep is in gevalle waar daar logieserwys geen twyfel bestaan het nie. ALLEN stel dit as volg:

43. Sien WILLIS, a.w., bl. 325 vir die volgende: "The result is that in ultimate analysis the 'golden-rule' does allow a court to make quite openly exceptions which are based not on the social policy behind the Act, not even on the total effect of the words used by the Legislature, but purely on the social and political views of the men who happen to be sitting on the case."

44. a.w., bl. 10.

45. RADZINOWICZ, L., A history of English criminal law, Londen, 1948, vol. 1, bl. 83.

"... the old rule that 'penal statutes must be construed strictly' was of full force and virtue in days when every technical device was employed to rescue offenders from the ferocities of the criminal law."⁴⁶

Die gevolge van 'n toepassing van 'n wet is nie slegs deur middel van 'n streng letterlike uitleg vermy nie. Indien 'n liberale interpretasie hierdie doel sou kon dien, is daarvan gebruik gemaak. Waar die omvang van die bepalende gedeeltes in 'n wet wyer was as dit wat uit die aanhef geblyk het, is laasgenoemde as deurslaggewend beskou en 'n skuldigbevinding is ook dikwels vermy deur 'n toepassing van die "mischief rule", selfs al kon net bewys word dat die gepleegde daad slegs effens verskil het van dié gepoog te onderdruk.⁴⁷

RADZINOWICS wys daarop dat hierdie oordrewe begunstiging veral 'n onbepaalbaarheid van die strafwetgewing en die afwesigheid van homogeniteit tot gevolg gehad het. Omdat 'n ontwyking van veral die doodstraf in sommige gevalle geslaag was en in ander nie, het dit tot ongelykheid aanleiding gegee.⁴⁸

D. HUIDIGE POSISIE

Die algemene uitlegsbenadering in die Engelse reg is tans glad nie so letterlik ingeklee as wat miskien soms aanvaar word nie.⁴⁹ Verskeie reëls, soos ejusden generis en inclusion unius est

46. ALLEN, C.K., Law in the making, 7de uitg. Oxford, 1964, bl. 528.

47. RADZINOWICZ, a.w., bl. 87 e.v.

48. ald. Op bl. 87 word dit as volg gestel: "The constructions which the courts often put on statutes may be said to have been 'merciful', or 'equitable', or 'tender', or in favorem vitae. But since they were also uneven and unpredictable they did not constitute what in law is understood as a system of interpretation. Some of the basic elements of strict interpretation, the formal and the literal approach ... were over-emphasised and made use of in cases which were logically beyond doubt."

49. Sien CROSS, a.w., bl. 43 vir 'n kort samevatting hiervan.

exclusio alterius, wat aan die Romeins-Hollandse skrywers bekend was, word ook hier aan die orde gestel. Wat veral insiggewend is, is die feit dat die beslissing wat in ons howe gereeld as model gebruik word vir 'n benadering, dat die hele konteks waarbinne die te geïnterpreteerde woorde gebesig is, vanuit die staanspoor in ag geneem moet word, juis 'n Engelsregtelike is.⁵⁰

Vandag is die barbaarse elemente uit die strafreg verwyder en, soos te verwagte, het die vermoede dat strafbepalings streng geïnterpreteer moet word, veel van sy krag verloor. Die moderne neiging is naamlik om nie by die uitleg van strafbepalings te differensieer nie, maar om dit aan dieselfde interpretasiereëls as enige ander statutêre bepaling te onderwerp.⁵¹ MAXWELL stel dit as volg:

"The effect of the rule of strict construction might almost be summed up in the remark that, where an equivocal word or ambiguous sentence leaves a reasonable doubt of its meaning which the canons of interpretation fail to solve, the benefit of the doubt should be given to the subject and against the Legislature which has failed to explain itself."⁵²

'n Botsing tussen hierdie vermoede en die "mischief rule" is egter tans duidelik merkbaar.⁵³ Waar laasgenoemde op die doel van die wet inslaan en dikwels 'n uitbreidende uitwerking op die omvang van 'n bepaling, soos blyk uit die woorde, kan hê, poog 'n buitensporige toepassing van eersgenoemde om hierdie omvang so eng moontlik te hou.

50. Sien onder bl. 50.

51. Sien CRAIES, a.w., bl. 503.

52. a.w., bl. 289.

53. CROSS, a.w., bl. 52.

In R. vs. Munks⁵⁴ het die oogmerke van die wetgewer duidelik gely vanweë 'n oordrewe begunstigende interpretasie. Die beskuldigde is aangkla ingevolge 'n wetsbepaling⁵⁵ wat dit 'n misdryf maak om "an engine calculated to destroy human life or inflict grievous bodily harm", op te rig. Hy het naamlik, ten einde sy toorn op sy vrou uit te haal, elektriese koorde aan die lig en vensters van 'n vertrek verbind, sodat die stroom deur die rame daarvan sou vloei indien die skakelaar aangeskakel word. Die hof meen dat "engine" twee moontlike betekenis het, naamlik óf 'n produk van menslike vaardigheid, óf 'n meganiese uitvinding. Veral omdat hier 'n strafbepaling voorhande is, word die engere laasgenoemde betekenis as die bedoelde aanvaar, terwyl eersgenoemde duidelik effek aan die oogmerk van die wetgewer sou gee en die onderhawige geval by 'n navolging daarvan ook getref sou wees.

In verskeie gevalle is egter 'n veel wyer betekenis dan die gewone as die bedoelde aanvaar ten einde die oogmerk wat die wetgewer wou bereik te dien.⁵⁶ Hierdie konflik tussen 'n letterlike en subjektiewe benadering is nie slegs tot strafbepalingsbeperk nie, maar strek oor die ganse gebied van wetsuitleg.

"First it was the spirit and not the letter, then the letter and not the spirit, and now the spirit and the letter."⁵⁷

54. (1963) 3 All E.R. 757.

55. Artikel 31 van die Offences Against the Person Act van 1861.

56. Vgl. MAXWELL, a.w., bl. 280.

57. CROSS, a.w., bl. 16.

Nadere beskouing van die praktyksbenadering

I. INLEIDING

Die mening dat die uitleg van strafbepalings op dieselfde basis as dié by enige ander wetsbepaling moet geskied, word herhaaldelik uitgespreek.¹ 'n Noodwendige differensiasie in alle gevalle kan nie aanvaar word nie. Tereg toon MILTON en FULLER dan ook aan dat 'n reël waarvolgens strafbepalings noodwendig in alle gevalle streng geïnterpreteer moet word, sou impliseer dat die bedoeling en oogmerke van die wetgewer asook die belange van die gemeenskap irrelevant is.² Gereeld sal daar 'n spanning tussen hierdie vermoede en die ratio van 'n wet aanwesig wees en in sulke gevalle kan 'n oordrewe toepassing van eersgenoemde lei tot 'n afwatering van die bepaling van die wet.³

Omstandighede het verander. Waar sekere drastiese ingrepe op die vryheid van die individu vroeër miskien ongekend en derhalwe ook in die interpretasieproses sover moontlik vermy was, kom dit huidiglik meer gereeld voor en sou 'n te geredelike terugval op 'n begunstigende vermoede nie soseer die navolging van 'n veronderstelde bedoeling van die wetgewer wees nie, maar eerder

-
1. Sien bv. MAXWELL, a.w., bl. 267 waar die volgende dictum van Regter DAY in Newby vs. Sims (1894), 63 L.J.M.C. 229 aangehaal word: "I cannot concur in the contention that because these Acts ... impose penalties, therefore their construction should, necessarily, be strict. I think that neither greater nor less strictness should be applied to those than to other statutes."
 2. MILTON, J.R.L. en N.M. FULLER, South African criminal law and procedure, Kaapstad, 1971, vol. 3, bl. 11. Vgl. FRIEDMAN, a.w., bl. 53.
 3. Sien bo, bl. 32. Sien ook CILLIERS, a.w., bl. 201 e.v.

"'n bevlieging in sy gesig".⁴ Die vermoede is dan nie meer 'n middel om tot die wetgewende bedoeling in 'n besondere geval te geraak nie, maar eerder iets aan die hand waarvan sodanige bedoeling gekontroleer kan word.⁵

Dit sou egter verregaande wees om te wil beweer dat hierdie vermoede tans heeltemal in onbruik verval het, daar die vryheid van die individu in enige beskaafde regstelsel 'n hooggeskatte belang is.⁶ Gevalle sal hulle noodwendig voordoen waar 'n begunstigende interpretasie beslis wenslik is. In hierdie hoofstuk word vervolgens gepoog om enkele aspekte in hierdie verband van nader toe te lig.

II. DIFFERENSIASIE BY STRAFBEPALINGS

In Hack vs. Venterspost Municipality⁷ word die mening uitgespreek dat die reël dat strafbepalings streng geïnterpreteer moet word, tans veel van sy krag verloor het.

"It is now recognized that the paramount duty of our judicial interpreters is to put upon the language of the legislature, honestly and faithfully, its plain and rational meaning and to promote its object."⁸

Die bedoeling van die wetgewer moet ook by strafbepalings die deurslag gee en dit is nie vir die hof om 'n drastiese wet as't ware te veto vanweë die onredelikheid of onbillikheid

4. WILLIS, a.w., bl. 328 e.v.

5. ald., bl. 329.

6. In S. vs. Naidoo, 1974 (4) S.A. 574 (N) op 597 e.v. beskryf Regter MULLER die reël dat strafbepalings streng geïnterpreteer moet word as 'n fundamentele beginsel in die strafreg waaroor die howe jaloers die waak hou.

7. 1950 (1) S.A. 172 (W).

8. Op bl. 184 van die verslag.

daarvan nie.⁹ Indien sodanige bedoeling duidelik is, moet die hof daaraan gevolg gee, en die feit dat daar nie onder hierdie omstandighede 'n beroep op die uitlegsvermoede gedoen kan word nie, blyk duidelik uit die aard van laasgenoemde.

Die kritieke vraag is egter wanneer gesê kan word dat die bedoeling in 'n besondere geval duidelik is, want heel dikwels sal dit nie met die eerste oogopslag die geval wees nie. Die hof moet dan aan die hand van interpretasiereëls te werk gaan en in hierdie proses speel die vermoede ongetwyfeld 'n rol. Veral by wetgewing wat swaar strawwe oplê, is dit wenslik om dit in gedagte te hou.¹⁰ Gereeld gee die vermoede die deurslag waar meerdere interpretasies hulle voordoën of dien dit ter verdere regverdiging van 'n bepaalde interpretasiemetode deur die hof gevolg.

By verskeie geleenthede is die meer begunstigende uitleg nagevolg waar meerdere moontlike en redelike interpretasies van 'n strafbepaling hulle voorgedoen het.¹¹ In S. vs. Kiley¹² word hierdie aangeleentheid van nader beskou. Die hof verwys naamlik na 'n dictum van Lord ATKINSON, in The King vs. Halliday,¹³ waar aangedui word dat strafbepalings nie as 'n aparte kategorie vir uitlegsdoeleindes beskou moet word nie, maar dat die taak van die uitlegger ook hier daarin bestaan om aan die hand van die

9. In R. vs. Sachs, 1953 (1) S.A. 392 (A) op 399 e.v., stel die hof dit onomwonde dat aan die duidelike bedoeling van die wetgewer gevolg gegee moet word, selfs by wetgewing wat bykans outokratiese diskresionêre bevoegdhede rakende die vryheid van die individu verleen.

10. CRAIES, a.w., bl. 504.

11. Sien bv. R. vs. Taweel 1937 T.P.D. 387 op 389.

12. bo. Op bl. 324 van die verslag. Vgl. ook R. vs. Sachs, bo.

13. 1917 A.C. 260 op 274.

gewone interpretasiereëls die betekenis van die wet vas te stel en, waar dit duidelik is, toe te pas. Lord ATKINSON verklaar verder as volg:

"Should the statute be ambiguous, equally susceptible of two meanings, one leading to the invasion of the liberty of the subject, and the other not, it may well be that the latter should be preferred on the ground of the presumed intention of the Legislature not to interfere with it."

'n Voorbeeld van 'n geval waar die vermoede gedien het ter verdere regverdiging van 'n bepaalde metode deur die hof gevolg, word gevind in R. vs. Sisilane.¹⁴ Nadat 'n oplegging van die doodstraf deur die verhoorhof ter syde gestel is aan die hand van die vermoede dat 'n verandering in bewoording prima facie op 'n verandering in bedoeling dui, word verder aangetoon dat al sou die bewoording in die betrokke artikel nie duidelik in stryd met die bevinding van sodanige hof gewees het nie, dit nogtans as twyfelagtig aanvaar moet word, in welke geval die meer begunstigende van die twee redelike interpretasies nagevolg behoort te word.¹⁵

In R. vs. Mphalela¹⁶, word die fundering van die reël dat daar by meerdere interpretasies begunstigend geïnterpreteer moet word, as volg verduidelik:

"It was founded, however, on the tenderness of the law for the rights of individuals and on the sound principle, that it is for the Legislature, not for the Court, to define a crime and to ordain its punishment. It is unquestionably a reasonable expectation that, when the former intends an infliction of suffering, or an encroachment on natural liberty or rights ... it will not leave

14. 1959 (2) S.A. 448 (A).

15. Op bl. 454 van die verslag.

16. 1928 T.P.D. 748.

its intention to be gathered by mere doubtful inference ... but will manifest it with reasonable clearness."¹⁷

Volgens MILTON en FULLER is hierdie 'n toepassing van die leerstuk van nullum crimen sine lege¹⁸ wat veral by analogiese interpretasie ter sprake kom.

Analogiese interpretasie, soos bekend aan die gemeenregtelike skrywers, het egter nie in die praktyk inslag gevind nie.¹⁹

Die howe is derhalwe nie bereid om gevalle wat nie onder die woorde van 'n strafbepaling in te bring is nie, maar waarby 'n gelyke ratio as by die uitgedruktes aanwesig is, te bestraf nie.²⁰

Die woorde van 'n strafbepaling moet met ander woorde voldoende omvattend wees om al die gevalle te dek wat binne die oogmerk van die wetgewer val.²¹

Inbegrypende interpretasie word egter erken.²² Hiervolgens word die bepalings van 'n wet ook uitgebrei na nie-uitgedrukte gevalle wat uit hoofde van wetsduiding deur die wet gedek word of by die uitgedrukte sake inbegrepe geag word.²³ In Adler vs. George²⁴ het dit byvoorbeeld gegaan rondom die interpretasie van van 'n artikel²⁵ wat dit 'n misdryf maak om "in the vicinity of"

17. Op bl. 751 van die verslag. Vgl. ook MAXWELL, a.w., bl.267 e.v.

18. a.w., bl. 12.

19. STEYN, a.w., bl. 50.

20. Vgl. S. vs. Smith, 1973 (3) S.A. 945 (O).

21. R. vs. V., 1958 (4) S.A. 49 (T) op 50. VAN APELDOORN, a.w., bl. 256 verduidelik dit as volg: "De rechter mag dus een niet uitdrukkelijk in de wet genoemd en omschreven feit niet straffen door daarop toe te passen een wetsbepaling tegen welker grondgedachte het feit zondigt, m.a.w. een wetsbepaling die tegen een soortgelijk feit straf bedreigt."

22. Sien STEYN, a.w., bl. 50 e.v.

23. ald., bl. 43.

24. (1964), 1 All E.R. 628.

25. Art. 3 van die Official Secrets Act van 1920.

enige verbode plek 'n regeringsbeampte in die uitvoering van sy pligte te verhinder. Adler het, nie naby nie, maar op 'n lughawe ('n verbode plek) 'n belemmering veroorsaak. Die hof beslis dat die woorde, "in the vicinity of" nie letterlik op hierdie geval slaan nie, maar ag die fisiese teenwoordigheid op 'n lughawe by die woorde van die verbod inbegrepe te wees, daar so 'n bevinding dit nie geweld sal aandoen nie. Verder word toegegee dat daar kontekste mag wees waar die betekenis van die woorde streng tot die letterlike betekenis daarvan beperk moet word, maar gemeen dat die konteks in hierdie besondere geval die genoemde bevinding vereis.²⁶

Hieruit blyk dat die grens tussen 'n analogiese uitbreiding en inbegrypende interpretasie moeilik te trek is, en STEYN dui so aan dat die gemeenregtelike skrywers nie almal duidelik in hierdie verband onderskei nie.²⁷

"The policy of an enactment may indicate by implication what the legislature has not said expressly, and thus provide a rational ground for holding an act to be criminal even though there are no express words to the effect."²⁸

Die howe is veral by strafbepalings traag om woordwysigend uit te lê.²⁹ In Ex parte the Minister of Justice: In re R. vs. Jacobson and Levy³⁰ stel Hoofregter WESSELS dit egter duidelik dat hierdie vorm van uitleg ook by strafbepalings toelaatbaar is:

"Whether a statute deals with civil matters only or with criminal matters, the same rule applies that if the language of the statute is not clear and would be

26. Op bl. 629 van die verslag.

27. a.w., bl. 43. VAN APELDOORN, a.w., bl. 328 verduidelik dat die regter by ekstensiewe interpretasie tot 'n beslis-sing geraak wat hy meen onder die woorde in die wet in te bring is, maar dat dit by analogiese interpretasie vasstaan dat dit nie daaronder ingebring kan word nie.

28. MILTON en FULLER, a.w., bl. 12.

29. Vgl. HAHLO en KAHN, a.w., bl. 192 e.v.

30. 1931 A.D. 466.

nugatory if taken literally, but the object and the intention are clear, then the statute must not be reduced to a nullity merely because the language used is somewhat obscure. It must, however, be clear from the language used and from the statute itself what crime the Legislature did intend or must have intended."³¹

Dit blyk dus dat 'n woordwysigende uitleg selfs op hierdie gebied toelaatbaar is ten einde te verhoed dat die strafbepaling heeltemal oneffektief sal wees, mits die nodige bedoeling van die wetgewer slegs voldoende duidelik blyk. Hoofregter WESSELS verklaar egter verder as volg:

"If ... the language is such that in order to give a meaning to the section it must be completely altered or so materially added to as to make it differ considerably from that used by the Legislature ..., then especially in criminal matters the Court should hesitate to alter the language so as to give to the words a meaning which is not manifest from the statute and so create a crime which is not to be found in the language of the section."³²

Die rede hiervoor sou dan wees die feit dat die publiek geregtig is om te verwag dat indien 'n misdryf geskep word, dit sodanig sal wees dat elkeen kan weet wat hy nie mag doen nie.

MAXWELL som die hele aangeleentheid op deur daarop te wys dat die woorde in 'n strafbepaling nie geweld aangedoen moet word ten einde persone daaronder in te bring nie, maar dat eerder versigtig te werk gegaan moet word, sodat niemand daardeur getref word sonder dat daar enige uitdruklike woorde in hierdie verband bestaan nie. Indien die wetgewende woorde nie voldoende omvattend is om al die gevalle wat binne die oogmerk van die wetgewer val

31. Op bl. 477 van die verslag.

32. t.a.p. In R. vs. Ackerman, 1931 O.P.D. 65 op 69 word ook daarop gewys dat die omvang van 'n strafbepaling nie ligtelik uitgebrei moet word om verder as die gewone betekenis van die woorde daarvan te strek nie.

in te sluit nie, is dit nie die taak van die hof om dit uit te brei nie.³³

Die leerstuk van nullum crimen sine lege impliseer egter nie dat strafbepalings noodwendig streng uitgelê moet word nie.³⁴

Gereeld sal meerdere moontlike interpretasie hulle voordoen en in diesulke gevalle moet die bedoeling van die wetgewer, vasgestel aan die hand van interpretasiereëls, die deurslag gee.³⁵

Die neiging van die hof is om in hierdie proses enige spesifieke tegniek by strafbepalings te vermy, en eerder eerlik en simpatiek na die bedoeling vir die besondere geval te soek.³⁶

Vervolgens word hierdie aangeleentheid in breë trekke van nader beskou.

III. TEENSTRYDIGE BENADERINGS

Die praktyksituasie weerspieël 'n duidelike konflik tussen 'n letterlike en funksionele benadering. Die interpretasiereëls wat aan die orde gestel word, is onderling teenstrydig en slaan in óf op die letter van die wet, óf op omringende omstandighede soos die ratio daarvan, dit wil sê die bedoeling van die wetgewer soos ook uit nie-linguistiese faktore³⁷ mag blyk.

33. a.w., bl. 269. Op bl. 268 e.v. beskryf gemelde skrywer die presiese werking van die reël as volg: "But the rule of strict construction requires that the language shall be so construed that no cases shall be held to fall within it which do not fall both within the reasonable meaning of its terms and within the spirit and scope of the enactment."

34. FRIEDMANN, a.w., bl. 52.

35. Vgl. bo, bl. 35.

36. MILTON en FULLER, a.w., bl. 10.

37. Sien hoofstuk 2.

Die sienswyse dat die bedoeling van die wetgewer die deurslag moet gee, is by geleentheid sterk beklemtoon.³⁸ STEYN toon aan dat daar egter vanweë die werking van die konkurrente reël dat 'n wet volgens die letter uitgelê moet word 'n kentering ingetree het, met 'n gevolglike neiging in die rigting van letterlikheid.³⁹ Die gevolg is dat daar 'n tweespalt in die praktyk bestaan wat ongetwyfeld tot 'n regsonsekerheid lei.⁴⁰ Dit is veral die geval by woordwysigende uitleg, omdat dit onseker is wanneer die houe woordwysigend sal uitlê en wanneer nie.⁴¹ Heel dikwels is die verskilpunt tussen 'n meerderheids- en minderheidsuitspraak juis te wyte aan die feit dat daar in die een geval 'n letterlike en in die ander geval 'n subjektiewe benadering gevolg is.⁴²

A. LETTERLIKE BENADERING

Hiervolgens word enige diskresie die regspreker by die uitleg van 'n wetsbepaling ontsê indien die betekenis van die woorde wat geïnterpreteer moet word duidelik is. Die bedoeling van die wetgewer word dus absoluut gelykgeskakel met die semantiese betekenis van die woorde.⁴³

Selfs al blyk dit volkome duidelik dat 'n toepassing van die gewone betekenis van die woorde die oogmerk van die wetgewer in

38. Sien bv. Farrar's Estate vs. Commissioner for Inland Revenue, 1926, T.P.D. 501 op 508.

39. a.w., bl. 4.

40. ald., bl. 71.

41. ald.

42. Vgl. WILLIS, a.w., bl. 328, asook Ebrahim vs. Minister of The Interior, bo.

43. Sien COWEN, a.w., bl. 151 e.v.

die wiele sal ry, word nogtans daarby volstaan, en daar word ook nie gelet op die wyere konteks waarbinne die woorde gebesig is, of die onderwerp waarmee die wet handel nie.⁴⁴ Billikheidsoorwegings speel ook geen rol nie, want iudicis est ius dicere sed non dare.⁴⁵

Dit word gewoonlik aangevoer dat 'n letterlike benadering tot regsekerheid aanleiding gee, want dit maak die beslissing van 'n hof meer voorspelbaar as wat die geval sou wees indien regters sou aanneem dat hulle taak daarin bestaan om vryelik aan die oogmerke van die wetgewer gevolg te gee, ongeag die betekenis van die woorde in die wet.⁴⁶ Hierin skuil beslis 'n waarheid.

'n Wetsbepaling word vir die onderdaan neergelê en die taal waarin dit gegiet is, is die bron waaruit hy dit verstaan.

Veral by strafbepalings kan 'n totale degradering van die woorde nie geduld word nie, indien dit daartoe sou lei dat 'n persoon aanspreeklik gehou word op grond van die pleging van 'n misdryf wat geensins in die woorde van die wet te bespeur is nie.

Daarom moet sover moontlik by die gewone betekenis van die woorde gehou word, want dit sou hoogs onredelik wees om van die onderdaan te verwag om woorde te verstaan volgens 'n betekenis wat dit nie vir hom inhou nie, bloot omdat dit dan aan die bedoeling van die wetgewer gevolg sou gee.⁴⁷ Die kernbeswaar

44. WILLIS, a.w., bl. 323.

45. HAHLO en KAHN, a.w., bl. 180 e.v.

46. Sien die mening van CROSS, R., Precedent in English law, bl. 179, soos aangehaal in HAHLO en KAHN, a.w., bl. 182.

47. STONE, a.w., bl. 33, verduidelik as volg in hierdie verband: "This is surely the deep basis of the judicial stress on the ordinary meaning of words when this does not lead to absurdity and the like; and it also suggests that this ordinary meaning is to be sought in the usage and social situation of the generation in which the question now arises."

teen 'n suiwer subjektiewe benadering is dan juis die neerhalende houding daarvan jeens die woorde in die wet.⁴⁸

Die letterlike benadering is egter nie probleemvry nie. By 'n vae en algemene bewoording in 'n wet is dit grootliks nutteloos en word die uitlegger gereeld genoop om ander aanduidings van die wetgewende bedoeling in ag te neem. Verder is dit so dat die vasstelling van die gewone betekenis van 'n woord reeds 'n mate van keusevryheid by die uitlegger veronderstel.⁴⁹ "The 'literal' meaning is not something revealed to judges by a sort of authentic dictionary; it is only what individual judges think is the literal meaning."⁵⁰

B. FUNKSIONELE BENADERING

HAHLO en KAHN toon aan dat daar 'n sterk mening heers dat 'n funksionele benadering slegs toelaatbaar is in dié gevalle waar 'n letterlike benadering nie van hulp kan wees nie, dit wil sê waar die wetsbepaling wat geïnterpreteer moet word, dubbelsinnig is.⁵¹ Hierdie benadering splits dan ook in twee dele waarvan die een solank as moontlik by die letterlike betekenis van die woorde bly en 'n afwyking daarvan slegs onder sekere omstandighede toelaat. Die ander benadering - die "mischief rule"⁵² - gaan daarteen vanuit die staanspoor op die ratio van die wet in en die vasstelling van die betekenis van die woorde geskied altyd in die lig hiervan.⁵³

48. COWEN, a.w., bl. 155.

49. Vgl. bo bl. 8 e.v. Sien ook Administrateur, Transvaal vs. Carletonville Estates Ltd., 1959 (3) S.A. 150 (A).

50. Aldus Appélregter SCHREINER in Savage vs. C.I.R., 1951 (4) S.A. 400 (A) op 410 - aangehaal deur COWEN, a.w., bl. 152.

51. a.w., bl. 180.

52. bo, bl. 27.

53. HAHLO en KAHN, a.w., bl. 182 e.v.

'n Voorbeeld van die eersgenoemde benadering word gevind in Venter vs. R.⁵⁴ Dit het hier gegaan rondom die interpretasie van 'n artikel⁵⁵ wat bepaal het dat enige persoon wat die Transvaal sou binnekom nadat hy iewers anders veroordeel is weens diefstal, skuldig sou wees aan 'n misdryf. Venter was in die Transvaal gedomisilieer, maar was tydelik in die Vrystaat woonagtig en is daar weens diefstal tot 'n jaar gevangenisstraf veroordeel. By sy terugkoms in die Transvaal is hy ingevolge hierdie artikel aangekla en skuldig bevind. Op appél bevind die hof egter dat die bedoeling van die wetgewer nie was om hierdie artikel op Transvaalse inwoners van toepassing te maak nie, want die oogmerk van die ordonnansie was duidelik om die invloed van kriminele uit die buiteland te verhoed.⁵⁶ Die skuldigbevinding word egter gehandhaaf, omdat dit nie bewys is dat Venter 'n Transvaalse inwoner was nie.

Dit is dus 'n geval waar die woorde in 'n bepaling restriktief geïnterpreteer is ten einde te strook met die werklike bedoeling van die wetgewer. Hoofregter INNES verklaar as volg in hierdie verband:

"... when to give the plain words of the statute their ordinary meaning would lead to absurdity so glaring that it could never have been contemplated by the legislature, or where it would lead to a result contrary to the intention of the legislature, as shown by the context or by such other considerations as the Court is justified in taking into account, the Court may depart from the ordinary effect of the words to the extent necessary to remove the absurdity and to give effect to the true intention of the legislature."⁵⁷

54. bo.

55. Art. 3 van Ord. 20 van 1905 (T).

56. Dit is dus eintlik 'n geval van cessante ratione legis, cessat et lex ipsa.

57. Op bl. 914 e.v.

Hier word dus twee gronde vermeld waarop 'n afwyking van die letterlike betekenis van die woorde geregverdig kan word, naamlik die ontwyking van 'n absurditeit en die vermyding van 'n gevolg wat met die bedoeling van die wetgewer in stryd sou wees. Dit word egter duidelik gestel dat die absurditeit van so 'n aard moet wees dat dit vasstaan nooit deur die wetgewer beoog te kon gewees het nie. Dit gaan dus ook hier om die bedoeling van die wetgewer,⁵⁸ en die blote feit van 'n absurditeit is nie genoegsaam om 'n afwyking van die letterlike betekenis van die woorde te regverdig nie.

In S. vs. Sigena⁵⁹ is byvoorbeeld gepoog om op grond hiervan die woorde "enige persoon" in artikel 32 (1) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek⁶⁰ te beperk tot vreemdelinge. Hierdie artikel maak dit 'n misdryf om die land binne te kom, anders dan deur 'n hawe van binnekoms. Die hof beslis egter dat die feit dat die beskuldigde, 'n Suid-Afrikaanse burger, onderworpe kan wees aan 'n uitsettingsbevel uit die land, nie as voldoende absurditeit aan te merk is ten einde restriktief te interpreteer nie. Daar word egter verder aangedui dat die moontlikheid van 'n voldoende absurditeit mog bestaan, indien sodanige deportasie permanent sou wees.

In S. vs. Takaendesa⁶¹ beskryf Hoofregter BEADLE 'n voorbeeld van 'n voldoende absurditeit, naamlik 'n wet wat sonder enige

58. Vgl. STEYN, a.w., bl. 36.

59. 1973 (3) S.A. 102 (T).

60. Wet no. 59 van 1972.

61. 1972 (4) S.A. 72 (RA.) op 77. ;

kwalifikasie of voorbehoud die besit van ondermynende materiaal tot misdryf verhef. Indien dit letterlik geïnterpreteer sou word, sou dit beteken dat die polisiebeampte wat daarop beslag lê, asook almal wat dit by die verhoog onder hande neem, aan 'n misdryf skuldig sou wees. Gevolglik sou die bedoeling van die wetgewer heeltemal in die wiele gery wees, en mag die letterlike betekenis gekwalifiseer word deur die nodige woorde by die bepaling in te lees ten einde die betrokke persone te magtig om sodanige materiaal in die uitvoering van hul pligte in besit te hê.

Van die letterlike betekenis van die woorde in 'n wet word dus nie ligtelik afgestap nie: "The absurdity or repugnancy, it is said, must be utterly glaring, and the legislative intent manifest, not a mere matter of surmise or probability."⁶² Waar die woorde in 'n wet natuurlik vatbaar is vir meerdere moontlike interpretasies, behoort dié een gevolg te word wat absurde gevolge vermy, selfs al blyk dit nie met die eerste oogopslag die korrekte te wees nie.⁶³

Die ander been van die funksionele benadering, naamlik die "mischief rule", impliseer 'n meer outonome werksaamheid by die uitlegger, in dié sin dat die soeke na die wetgewende bedoeling nie deur die woorde in die wet gedomineer word nie. Anders dan wat die geval by 'n letterlike benadering is, gaan hierdie reël van die standpunt uit dat 'n wet nie korrek geïnterpreteer kan word alvorens die uitlegger homself nie vergewis het van die

62. HAHLO en KAHN, a.w., bl. 184.

63. Sien bo, bl. 13. Vgl. ook HAHLO en KAHN, a.w., bl. 183 e.v.

sosiale omstandighede ter ordening waarvan dit uigevaardig is nie. WILLIS verduidelik dit as volg:

"Before ever you look at the words of the Act, you have to discover why the Act was passed; then, with that knowledge in your mind, you must give the words under interpretation the meaning which best accomplishes the social purposes of the Act."⁶⁴

Hier word dus duidelik uitgegaan van die standpunt dat wetgewing gerig is op die bereiking van 'n bepaalde doel, en dat laasgenoemde gevolglik ook die bedoeling van die wetgewer by die spesifieke bepalings in die wet moet kleur.⁶⁵

Die oogmerk wat deur die uitvaardiging van die wet nagestreef is, vervul dus 'n leidende funksie en aan die betekenis van die woorde word 'n meer sekondêre posisie toegeken, in die sin dat die betekenis daarvan aangepas word om met die ratio van die wet te strook: "The mischief rule is ... a convenient device which enables a court to take a wide view of an apparently narrow expression, or a narrow view of an apparently wide expression", verduidelik WILLIS.⁶⁶

C. TOEPASSING

Hierdie benaderings impliseer met ander woorde elk 'n besondere aktiwiteit by die uitlegger. By 'n letterlike benadering word hy enige diskresie hoegenaamd by die toepassing van die wet ontsê en gaan bloot aan die hand van grammatikale reëls te werk. Indien 'n funksionele benadering egter gevolg word, sal daar telkens tussen die onderskeie indicia van die bedoeling opgeweeg moet word - 'n proses waarin die uitlegger 'n wye diskresie uitoefen.

64. a.w., bl. 326.

65. Vgl. bo, bl. 6. Sien ook S. vs. Conifer (Pty.) Ltd., 1974 (1) S.A. 651 (A).

66. a.w., bl. 327.

Gereeld sal beide 'n letterlike en funksionele benadering op dieselfde resultaat afstuur, maar in ander gevalle nie en die deurslaggewende vraag vir die uiteindelijke beslissing sal dan telkens wees welke benadering deur die hof nagevolg gaan word.

Ietwat pessimisties meen WILLIS dat hierdie 'n vraag is wat nie beantwoord kan word nie: "A court invokes whichever of the rules produces a result that satisfies its sense of justice in the case before it."⁶⁷ Ten opsigte van wye en algemene woorde wat geïnterpreteer moet word, word byvoorbeeld as volg verduidelik:

"If it desires the situation before it to be covered by the Act it will apply the literal rule: if it desires it to fall outside the Act, it will cut down the prima facie meaning by reference to the object of the Act."⁶⁸

Dat die hof dikwels hier 'n wye keusevryheid geniet, kan nie betwis word nie. COWEN dui so aan dat daar weinig gebiede in die reg is waar die hof 'n wyer diskresie geniet dan juis op die gebied van wetsuitleg.⁶⁹

Die kritieke vraag wat telkens beantwoord moet word, is dus tot welke mate die letterlike betekenis van die woorde in 'n wet deurslaggewend moet wees, dit wil sê, hoe daar tussen die linguistiese en ander aanduidings van die bedoeling in 'n betrokke geval opgeweeg moet word. Veral die ratio van 'n wet kan dikwels 'n betekenis van die woorde in 'n bepaling vereis wat, suiwer taalkundig gesien, alles behalwe korrek is. In Corkery vs. Carpenter⁷⁰ word 'n duidelike voorbeeld hiervan

67. a.w., bl. 328.

68. ald., bl. 327.

69. a.w., bl. 133.

70. (1950) 2 All E.R. 745.

gevind. Die vraag voor die hof was naamlik of 'n fiets as 'n "carriage" aan te merk is ingevolge 'n wetsbepaling wat dit 'n misdryf maak vir 'n persoon om onder die invloed van drank in beheer van so 'n rytuig op 'n hoofweg te wees.⁷¹ Die hof bevind dat dit wel die geval is, omdat die betrokke wetgewing gerig was op die veiligheid van die publiek en niks dan meer gevaarlik sou wees as 'n besopene met 'n fiets op 'n hoofweg nie.⁷²

IV. ALGEMENE TEORIE

In Principal Immigration Officer vs. Hawabu⁷³ spreek Appélregter DE VILLIERS die mening uit dat die wyere konteks waarbinne die te geïnterpreteerde woorde gebesig is, slegs in ag geneem mag word indien die woorde, in isolasie beskou, vatbaar is vir 'n sekondêre betekenis. Sou dit nie die geval wees nie, moet die woorde sonder inagneming van die gevolge toegepas word.⁷⁴ Dit sou dus beteken dat die uitlegger alleen dan aan die bedoeling wat van die gewone betekenis van die woorde afwyk, gevolg mag gee, as die woorde vatbaar is vir 'n tweede betekenis wat daardie bedoeling uitdruk. Waar dit nie die geval is nie, moet die woorde die bedoeling oorheers, hoe duidelik dit ook al mag wees.⁷⁵

71. Dit is hoogs onwaarskynlik.

72. Sien ook Administrateur, Transvaal vs. Carletonville Estates Ltd., bo, op bl. 161 vir die volgende: "... the meaning of particular words is to be found not so much in a strict etymological propriety of language, nor even in popular use, as in the subject or occasion on which they are used and the object that is intended to be attained."

73. 1936 A.D. 26.

74. Op bl. 31 van die verslag.

75. Vgl. STEYN, a.w., bl. 71.

'n Ander benadering, met 'n Engelse beslissing as model, gaan vanuit die staanspoor op die wyere konteks in. In Re Bidie⁷⁶ kritiseer Lord GREENE die voorgenoemde vorm van in vacuo interpretasie, en tereg word daarop gewys dat min woorde in die Engelse taal⁷⁷ 'n gewone betekenis kan hê wat onafhanklik staan van die konteks waarin dit gebesig is. Die betekenis van die woorde moet, aldus Lord GREENE, altyd vasgestel word in die lig van die konteks waarbinne dit gebesig is:

"The real question which we have to decide is what does the word mean in the context in which we find it here, both in the immediate context of the subsection in which the word occurs and in the general context of the Act, having regard to the declared intention of the Act and the obvious evil that it is designed to remedy."⁷⁸

Appélregter SCHREINER wys in Jaga vs. Dönges⁷⁹ daarop dat hierdie verskillende benaderings hoofsaaklik maar net 'n verskil in aksentuering is, want die uitlegger wat net op die woorde wat geïnterpreteer moet word, wil let, kan nie die konteks heeltemal buite rekening laat nie; en die uitlegger wat vanuit die staanspoor die wyere konteks in ag wil neem, kan nie die dikwels deurslaggewende eerste indruk van dit wat hy as die gewone betekenis van die te geïnterpreteerde woorde verstaan, vermy nie. Beide benaderings hou egter hul tipiese gevare in. By eersgenoemde kan die woorde oorbeklemtoon en die bedoeling gevolglik misken word, terwyl laasgenoemde weer te veel gewig aan die konteks kan verleen, met die gevolg dat die woorde geweld aangedoen word. Die wisselwerking tussen hierdie twee benaderings word dan as volg saamgevat:

76. (1948) 2 All E.R. 995; Vgl. CROSS, a.w., bl. 44.

77. Wat eweseer vir Afrikaans geld.

78. Op bl. 998 van die verslag.

79. 1950 (4) S.A. 653 (A).

"Seldom indeed is language so clear that the possibility of differences of meaning is wholly excluded, but some language is much clearer than other language; the clearer the language the more it dominates over the context, and vice versa, the less clear it is the greater the part that is likely to be played by the context."⁸⁰

Telkens sal die uitlegger dus moet evalueer tussen die verskeie moontlikhede - 'n feit wat daarop dui dat die regsivinding nie altyd heeltemal gebonde is nie. In die algemeen kan egter aanvaar word dat die krag van 'n betrokke aanduiding van belang sal wees. WIARDA toon in hierdie verband aan, dat 'n sterk argument aan die teks ontleen die swakkeres van die wetsgeskiedenis of die sistematiek sal oorwin; en 'n sterk historiese argument kan weer die botoon voer bo swakkere grammatikale en sistematiese argumente.⁸¹ Die keusevryheid wat die uitlegger geniet, dui egter daarop dat interpretasie nie 'n bloot logiese werkzaamheid is nie, maar dat daar 'n skeppende element teenwoordig is.⁸²

COWEN voer egter die ondersoek nog verder en konkludeer as volg:

"The next step in the analysis of legislative intention is perhaps the crucial one. If we are to remain loyal to the Roman-Dutch law it is necessary ... to recognize that the factor which should tip the balance, where the competing claims of language and of 'non-linguistic factors' are equal, is precisely the ratio or purpose of the legislation."⁸³

80. Op bl. 664 van die verslag.

81. a.w., bl. 15. Vgl. hoofstuk 2.

82. VAN APELDOORN, a.w., bl. 321. Vgl. bo, bl. 15.

83. a.w., bl. 162. Sien ook Ebrahim vs. Minister of The Interior, bo, op bl. 674 van die verslag.



Dit gaan dus hier om daardie gevalle, soos WIARDA dit stel, waar die verskillende argumente in ewewig verkeer en die keuse derhalwe net afhanklik is van die voorkeur van die regter.⁸⁴

Ten spyte van die belangrikheid van die taal as aanduiding van die bedoeling, moet dit dan voor die vasstaande ratio van die wet wyk, en volgens COWEN is dit juis op hierdie punt waar 'n letterlike benadering die pad byster raak, insoverre voorkeur aan die woorde in die wet verleen word.⁸⁵

Dit gaan dus nou nie meer soseer om 'n begrip van die wet nie, maar 'n meer outonome element kom na vore, daar dit nou gaan om die verwesenliking van die gedagte wat aan die wet ten grondslag lê.⁸⁶ COWEN stel dit dan ook onomwonde as volg: "There is a great deal to be said for the view that judges should adopt a more co-operative role - the role of partners (albeit junior or less powerful partners) in the legal process."⁸⁷

'n Verdere kritieke vraag word ook grootliks hier beantwoord, naamlik dié na die oplossing van die gereelde konflik tussen 'n uitlegsvermoede en die ratio van 'n wet. WILLIS dui in hierdie verband aan dat die aangeleentheid wat die grootste raaislag inhou, juis die vraag is of die hof na 'n ontleding van die gewone betekenis van die woorde, die konteks en die onderwerp waarmee die wet handel, 'n vermoede gaan toepas dan wel aan die oogmerk van die wetgewer gevolg gaan gee.⁸⁸

84. a.w., bl. 15.

85. a.w., bl. 163.

86. Vgl. WIARDA, a.w., bl. 15 e.v.

87. a.w., bl. 165.

88. a.w., bl. 194.

Ter illustrasie van sy mening verwys COWEN veral na die meerderheidsuitspraak in Administrateur, Transvaal vs. Carletonville Estates,⁸⁹ waar dit gegaan het rondom die interpretasie van die woorde "beampte van die administrasie" in artikel 99 van die Transvaalse Pad-Ordonnansie.⁹⁰ Hierdie artikel ontsê aan 'n persoon wat skade gely het as gevolg van 'n daad van sodanige beampte, verrig in die uitoefening van sy pligte, 'n regsvoorvordering tot verhaal van sy skade indien hy nie sekere stappe genoem in die artikel, binne die daaringestelde termyn nagekom het nie.

Skade is in die betrokke geval berokken deur 'n gewone werknemer en die vraag ontstaan nou of die respondent sy aksie ontsê is deurdat die nodige stappe nie betyds gedoen is nie. Sterk steunende op die feit dat hier 'n vermoede⁹¹ ter sprake is, weier die minderheid van die hof om die bepalings van die artikel ook op die onderhawige geval van toepassing te maak, omdat die woordeboekbetekenis van die woord "beampte" dui op die bekleder van 'n pos en derhalwe nie op 'n gewone werknemer soos in die onderhawige geval slaan nie.

Die meerderheid van die hof volg egter 'n ander benadering. Daar word toegegee dat dit gebruiklik is om die woord "beampte" te gebruik in die sin van posbekleding, maar die mening word verder uitgespreek dat die woord wel gebruik kan word met die bedoeling om enige werknemer in te sluit. Verder word bevind dat die doel van die betrokke bepaling is om te verseker dat die administrasie betyds van 'n voorgenome eis in kennis gestel word, sodat die saak ondersoek en die eis oorweeg kan word

89. bo.

90. No. 9 van 1933.

91. Dié teen 'n inmenging met die jurisdiksie van die howe.

alvorens 'n dagvaarding uitgereik word. Ten einde hierdie doel te bereik, meen die hof, moes dit die bedoeling van die wetgewer gewees het om die bepalinge van die artikel ook van toepassing te maak op dié gevalle waar skade deur gewone werknemers van die administrasie berokken is. Ook die vermoede swig dus.

MAXWELL toon ook aan dat die reël dat strafbepalinge streng geïnterpreteer moet word, nie geskend word indien die woorde daarvan volgens die wydste betekenis verstaan word ten einde effek te gee aan die bedoeling van die wetgewer nie.⁹²

"They are, indeed, frequently taken in the widest sense, sometimes even in a sense more wide than etymologically belongs or is popularly attached to them, in order to carry out effectually the legislative intent, or, to use Lord Coke's words, to suppress the mischief and advance the remedy."⁹³

Hoewel die ratio van 'n wet nie noodwendig altyd van deurslaggewende hulp by 'n interpretasieprobleem sal wees nie, meen COWEN dat dit noodsaaklik is om dit altyd in ag te neem ten einde te verhoed dat die oogmerke van die wetgewer nie deur 'n letterknegtelikheid en 'n gereedheid om te bevind dat daar 'n casus omissus voorhande is, in die wiele gery word nie.⁹⁴

In Fisher vs. Bell,⁹⁵ byvoorbeeld, is die beskuldigde aangekla ingevolge 'n wetsbepaling wat dit strafbaar stel om 'n sekere tipe mes te koop aan te bied. Hy het so 'n mens in 'n winkelvenster uitgestal met 'n prys daarby. Die hof bevind egter

92. a.w., bl. 280.

93. ald. Vgl. bo, bl. 14.

94. a.w., bl. 164 e.v.

95. (1960) 3 All E.R. 731.

dat dit nie 'n geval van "offers for sale" is nie, aangesien hierdie woorde in kontrakteregtelike sin verstaan moet word en die optrede van die beskuldigde in hierdie verband hoogstens as 'n aanbod om te onderhandel aan te merk is. By die regs- tegniese betekenis van die woorde word dus gehou nieteenstaande die feit dat so 'n bevinding duidelik teen die ratio van die wet indruis.

Hoofstuk 5

Skuld by statutêre misdrywe

I. INLEIDING

By gemeenregtelike misdrywe is mens rea as aanspreeklikheidsvereiste stewig gevestig.¹ Hierdie "vanselfsprekende hoeksteen van 'n beskaafde en verfynde strafregstelsel" was reeds in die Romeinse reg bekend en die belangrikheid daarvan word deurgaans deur die gemeenregtelike skrywers beklemtoon.² Ook die regbank bring telkens hulde aan dié grondbeginsel in die strafreg.³ In S. vs. Naidoo⁴ spreek Regter MULLER so die mening uit dat hierdie een die fundamentele beginsels in die strafreg is wat dien as vryheidswaarborg vir die individu en waaroor die howe jaloers waak. Gepaardgaande hiermee is, onder andere, 'n vermoede van onskuld en die bewyskriterium "bo redelike twyfel" in strafgedinge.⁵

By statutêre misdrywe rus die skuldelement egter nie op so 'n stewige fondament nie. Logieserwys bestaan daar geen rede waarom op hierdie gebied gedifferensieer behoort te word nie, en hierdie billikheidsbeginsel behoort dus ook hier stewig

-
1. MILTON en FULLER, a.w., bl. 23.
 2. DE WET, J.C. en H.L. SWANEPOEL, Strafreg, 3de uitg. deur J.C. DE WET, Durban, 1975, bl. 100.
 3. In S. vs. Bernardus, 1965 (3) S.A. 287 (A) op 296, word so verwys na "... die grondbeginsel wat in ons strafreg en in verwante strafregstelsels vooropgestel word, nl. actus non facit reum nisi mens sit rea, of anders uitgedruk, geen straf sonder skuld."
 4. bo
 5. Op bl. 597 e.v.

gevestig te wees. Nogtans word daar 'n onderskeid getrek, hoofsaaklik gebaseer op beleidsoorwegings.⁶

FRIEDMANN verduidelik dat die opkoms van die moderne verstedelike en geïndustrialiseerde gemeenskap 'n dringende behoefte geskep het vir 'n daarstelling en handhawing van sekere standaarde in kommersiële, sosiale en industriële ondernemings.⁷ Hierdie standaarde word by wyse van 'n magdom verbiedende en regulatiewe maatreëls gehandhaaf en as gevolg van die kritieke aard daarvan was dit begin aanvaar dat 'n nie-nakoming 'n aanspreeklikheid tot gevolg moet hê waarby mens rea nie 'n rol speel nie.⁸

"In the balance of values, it is generally considered more essential that violations of traffic rules or food laws should be strictly punished, in the interests of the public, rather than that the degree of individual guilt should be measured in each case."⁹

Die belange van die individu moet dus onder sekere omstandighede swig wanneer dit kom by 'n opweging met dié van die gemeenskap wat deur die wetgewing beskerm staan te word. Hierdie ontbering word dan geregverdig as sou dit minder belangrik wees dan die publieke belang wat aanleiding tot die wetgewing gee het.¹⁰ FRIEDMANN som dit as volg op:

"That we have to accept an occasional injustice to the individual is part of the price we have to pay for living in a highly mechanised and closely settled kind of society, in which health, safety and well-being of each member of the community depends upon a vast number of other persons and institutions."¹¹

-
6. Vgl. MILTON en FULLER, a.w., bl. 24.
 7. a.w., bl. 197 e.v.
 8. MILTON en FULLER, a.w., bl. 24.
 9. FRIEDMANN, a.w., bl. 198.
 10. Sien bv. R. vs. Cronin, 1935 T.P.D. 328 op 332.
 11. a.w., bl. 202.

Skuldlose aanspreeklikheid word egter fel gekritiseer.¹² Ook die howe poog om dit sover moontlik te vermy en verskeie metodes het al in hierdie verband uitgekristalliseer. Vervolgens word die aandag kortliks daarby bepaal.

II. DIE VERMOEDE

Niks verhoed die wetgewer om van die skuldelement af te sien by die omskrywing van 'n misdryf nie. Die wenslike situasie sou natuurlik wees dat so 'n negering uitdruklik gestel moet word, maar in die meerderheid van gevalle word niks uitdruklik ten opsigte van skuld as aanspreeklikheidsvereiste genoem nie. Die vraag of die beskuldigde se gesindheid relevant vir sy aanspreeklikheid is, hang dan steeds af van die bedoeling van die wetgewer.¹³ Indien bevind sou word dat sodanige bedoeling was om skuld uit te sluit, speel die beskuldigde se gesindheid geen rol by sy verhoor nie en is die vraag bloot of hy wel die verbod oortree of die gebod nie nagekom het nie.¹⁴ Dan word te doen gekry met 'n sogenaamde absolute verbod.

In lyn met die posisie by gemeenregtelike misdrywe, benader die howe egter enige statutêre misdadaamskrywing aan die hand van 'n vermoede dat die wetgewer nie 'n skuldlose wederregtelike handeling strafbaar wou stel nie.¹⁵ In S. vs. Arenstein¹⁶ laat Appélregter BOTHA hom byvoorbeeld as volg uit, by 'n oorweging van die vraag of skuld 'n aanspreeklikheidsvereiste was

12. Sien bv. DE WET en SWANEPOEL, a.w., bl. 101.

13. Vgl. STEYN, a.w., bl. 119.

14. BEKKER, P.M., Weer eens mens rea en bewyslas by statutêre misdrywe, in De Jure, 1975, vol. 8, no. 1, bl. 73.

15. STEYN, a.w., bl. 118.

16. 1964 (1) S.A. 361 (A).

Vir 'n misdryf soos omskryf in die destydse Wet op die Ouderdrukking van Kommunisme¹⁷;

"The general rule is that actus non facit reum nisi mens sit rea, and that in construing statutory prohibitions or injunctions, the Legislature is presumed, in the absence of clear and convincing indications to the contrary, not to have intended innocent violations thereof to be punishable."¹⁸

Hierdie is dus alles behalwe 'n letterlike uitlegsbenadering, want die feit dat 'n verbod ongekwalfiseerd skyn te wees, is nie op sigself voldoende om te aanvaar dat skuld nie as vereiste gestel word nie. Uitgaande van die vermoede dat mens rea wel 'n voorvereiste vir kriminele aanspreeklikheid is, word nou gesoek na aanduidings wat hierdie vermoede kan weerlê.¹⁹

Hoewel die waarskuwing herhaaldelik geopper is dat hierdie aanduidings oortuigend moet wees,²⁰ is sommige sodanige indikasies wat al in ag geneem is aan fel kritiek onderwerp, as sou die howe te geneig wees om tot absolute verbiedinge te geraak.²¹

MILTON en FULLER wys in hierdie verband daarop dat die howe by die toepassing van hierdie vermoede geneig het om weg te beweeg van die algemene beginsel by strafbepalings, waarvolgens 'n mens sou verwag dat indien daar twyfel sou bestaan ten opsigte van die skuldvereiste, streng geïnterpreteer sou moes word; met 'n gevolglike bevinding dat mens rea wel 'n aanspreeklikheidsvereiste is.²² So 'n houding sou dan ook in lyn wees met die

17. Wet no. 44 van 1950 s.g.

18. Op bl. 365 van die verslag.

19. Vgl. STEYN, a.w., bl. 118.

20. In S. vs. Makwassie, 1970 (2) S.A. 128 (T) op 130 word dit as volg gestel: "Sulke aanduidings moet egter duidelik, sterk en oortuigend wees, want sō nie, moet dit aanvaar word dat skuld wel 'n element van die misdryf is."

21. Sien DE WET en SWANEPOEL, a.w., bl. 100 e.v.

22. a.w., bl. 27.

reël dat 'n wetsbepaling so uitgelê moet word dat dit so min as moontlik van die gemene reg afwyk.²³

III. ABSOLUTE VERBIEDINGE

A. AANDUIDINGS

Faktore wat op 'n absolute verbod sou dui, word in S. vs. Oberholzer²⁴ aangegee as die woorde of samehang van die statutêre verbod of bevel, die omvang en die oogmerke van die statuut, die aard en omvang van die straf, asook die gemak waarmee die verbod of bevel ontduik sou kon word indien 'n beroep op die afwesigheid van mens rea gedoen sou kon word.²⁵ By verskeie geleenthede is ook 'n addisionele kriterium in ag geneem, naamlik die redelikheid al dan nie van 'n bevinding na die een of ander kant.

1. Woorde of samehang van die verbod

Waar mens rea nie uitdruklik uitgesluit is nie, kan uit die wyere konteks blyk dat dit nie as aanspreeklikheidsvereiste beoog is nie, byvoorbeeld aan die hand van die reël expressio unius est exclusio alterius²⁶, of deur middel van die vermoede van konsekwente taalgebruik deur die wetgewer.²⁷

2. Doel en strekking van die verbod

Die doel en strekking van die verbod as aanduiding van die bedoeling met betrekking tot skuld, impliseer dat waar 'n verbod

23. ald.

24. 1971 (4) S.A. 602 (A).

25. Op bl. 611 van die verslag.

26. Sien in hierdie verband S. vs. Swanepoel, 1970 (2) S.A. 515 (O) op 518.

27. Sien S. vs. Makwassie, bo

gerig is op die bestryding van 'n ernstige euwel, aanvaar mag word dat skuld nie 'n vereiste vir aanspreeklikheid ingevolge sodanige verbod is nie.²⁸ In R. vs. Bekker²⁹ word dit as volg gestel:

"When statutory provisions are framed for the purposes of ensuring the welfare or health of the people, or when indeed, they relate to the very existence of the State, it requires little persuasion to come to the conclusion that the legislature contemplated that the provisions should be strictly and universally binding, regardless as to what the frame of mind of any particular citizen might be ..."³⁰

Volgens MILTON en FULLER is hierdie houding onaanvegbaar insoverre daar wel 'n kategorie misdrywe bestaan wat gerig is op die publieke welsyn en wat tradisioneel erken word om nie mens rea as element te ken nie.³¹ Die probleem is egter geleë in die afwesigheid van 'n duidelike maatstaf aan die hand waarvan beoordeel kan word of 'n wet vir hierdie doeleindes beskou moet word as gerig op die beskerming van die publieke welsyn.³² 'n Antwoord op hierdie vraag skyn grootliks op die spesifieke mening van die regter wat die beslissing moet gee, te berus.³³

3. Moeilike implementeerbaarheid

Die moeilike implementeerbaarheid van 'n strafbepaling, indien mens rea as 'n voorvereiste vir aanspreeklikheid gestel sou word, kan ook aandui dat die wetgewer dit nie as sodanig bedoel

28. DE WET en SWANEPOEL, a.w., bl. 101.

29. 1941 E.D.L. 118.

30. Op bl. 119 van die verslag.

31. a.w., bl. 36.

32. ald.

33. ald.

het nie. Veral by minder ernstige regulatiewe bepalings kan dit dikwels onmoontlik vir die vervolging wees om skuld aan die kant van die dader te bewys.³⁴

In S. vs. Sibitane³⁵ het die vraag byvoorbeeld ter sprake gekom of 'n beroep op die afwesigheid van skuld geslaagd kon wees by 'n wetsbepaling wat dit 'n misdryf maak vir 'n persoon om 'n motor op 'n opbenbare pad te bestuur, terwyl die stopliggies daarvan defektief is. Omdat 'n gloeilamp, hoe nuut ook al, te eniger tyd kan smelt en dit derhalwe vir die vervolging onmoontlik is om mens rea by die beskuldigde bo redelike twyfel te bewys, bevind die hof dat die verbod absoluut is.

Hierdie kriterium is insgelyks vaag en grootliks ondergeskik aan die subjektiewe mening van die individuele respreker.³⁶

In plaas van met die skuldvereiste weg te doen, is die nuwere neiging tans om 'n tipe van kompromie aan te gaan deur mens rea as aanspreeklikheidsvereiste te erken, maar om culpa, in plaas van dolus alleen, as genoegsaam te beskou.³⁷ Op hierdie manier is dit nou onnodig om te bevind dat die stel van skuld as vereiste vir aanspreeklikheid die wetsbepaling oneffektief sal maak. "This approach is clearly preferable and if it is pursued will necessarily render the criterion under consideration obsolete."³⁸

4. Aard en omvang van die straf

Die erns van die straf wat aan 'n oortreding van 'n verbod

34. MILTON en FULLER, a.w., bl. 38.

35. 1973 (2) S.A. 593 (T).

36. MILTON en FULLER, a.w., bl. 38.

37. ald., bl. 39. Sien onder bl. 66 e.v.

38. ald.

gekoppel word, word ook in ag geneem by die beoordeling van die vraag of mens rea daarby uitgesluit is.³⁹ Die onderliggende idee by hierdie kriterium is die feit dat die meeste statutêre misdrywe regulatief van aard is, en nie soseer malum in se nie.⁴⁰ Die lae strawwe wat gewoonlik voorgeskryf word, dien eerder om te berispe as om te straf en daarom sou dit onvanpas wees om in elke geval eers die gesindheid van die dader te ontleed alvorens die straf opgelê word. "On this premise the criterion then operates on a basis that the more severe the penalty the less likely the implication that mens rea is to be excluded."⁴¹

5. Redelikheid

'n Faktor wat ook by geleentheid in ag geneem is, is die vraag na die redelikheid, al dan nie, van 'n bevinding dat mens rea nie 'n element van die misdryf vorm nie. In S. vs. Duma⁴² het dit byvoorbeeld daarom gegaan of mens rea 'n element uitmaak van die misdryf geskep in artikel 4(1) van die Wapens- en Ammunisiewet.⁴³ Hiervolgens word 'n persoon verbied om 'n ongelisensieerde vuurwapen in sy besit te hê.

Die beskuldigde het 'n vuurwapen opgetel en, menende dat dit 'n speelding is, behou. Die hof stel dit egter duidelik dat die blote feit dat die wetgewing essensieel vir die publieke veiligheid is, nie genoegsaam is om te konkludeer dat 'n onskuldige besitter veroordeel moet word nie. Na die volgende belangrike

39. Sien bv. S. vs. Zemura, 1974 (1) S.A. 584 (RA.) op bl. 590 e.v.

40. MILTON en FULLER, a.w., bl. 39.

41. ald. DE WET en SWANEPOEL, a.w., bl. 101 noem hierdie oorweging 'n "drogoorweging" wat dan slegs deur 'n hof aangewend sou word om sy gewete te self.

42. 1970 (1) S.A. 70 (N).

43. Wet no. 28 van 1937.

dictum van Lord EVERSHED in Lim Chin Aik vs. R.⁴⁴ word met instemming verwys:

"... it is not enough ... to label the statute as one dealing with a grave social evil and from that to infer that strict liability was intended. It is pertinent also to enquire whether putting the defendant under strict liability will assist in the enforcement of the regulations ... Unless this is so, there is no reason in penalising him, and it cannot be inferred that the Legislature imposed strict liability merely in order to find a luckless victim."

Die hof bevind dat redelikheids- en billikheidsoorwegings in die betrokke omstandighede duidelik daarop dui dat die wetgewer nie streng en onvermydelike aanspreeklikheid ingevolge die wetsbepaling beoog het nie.

B. KRITIEK

Aan die hand van hierdie aanduidings is in menige beslissings tot die tot die gevoltrekking geraak dat skuld nie 'n aanspreeklikheidsvereiste ingevolge sekere strafbepalings is nie.

Hoewel daar met 'n vermoede ten gunste van mens rea begin is, blyk dit uit die kritiek wat teen die indicia tot weerlegging daarvan uitgespreek word, dat dit nie bevredig het nie. BEKKER spreek so die mening uit dat die hele situasie onnodiglik deur die howe veringewikkeld is en dat 'n oplossing vir die hele probleem te vinde is in die beginsel dat daar by strafbepalings begunstigend geïnterpreteer moet word.⁴⁵ Hiervolgens sal 'n uitsluiting van mens rea dan telkens uitdruklik moet geskied.⁴⁶

44. (1963) 1 All E.R. 223 op 228.

45. a.w., bl. 74.

46. ald. Vgl. ook DE WET en SWANEPOEL, a.w., bl. 102.

Die mening word verder uitgespreek dat hierdie idee van absolute verbiedinge grootliks 'n skepping deur die howe is.⁴⁷

"The fact is that Parliament has no intention whatever of troubling itself about mens rea. If it had, the thing would have been settled long ago. All Parliament would have to do would be to use express words that left no room for implication. One is driven to the conclusion that the reason why Parliament has never done that is that it prefers to leave the point to the judges and does not want to legislate about it."⁴⁸

Die kernbeswaar teen hierdie leerstuk van absolute verbiedinge is egter die feit dat die aanduidings wat in ag geneem word, vaag en onpresies is en as sodanig nie 'n vaste riglyn neerlê aan die hand waarvan daar beoordeel kan word of mens rea 'n element van 'n statutêre misdryf uitmaak nie.⁴⁹ Sedert die vroeë vyftigerjare is daar egter 'n duidelike wegbeweeg van skuldlose aanspreeklikheid by die howe te bespeur. In S. vs. Qumbella⁵⁰ spreek Appêlregter HOLMES in 1966 duidelik sy afkeur uit in die idee dat skuld by implikasie by 'n strafbepaling uitgesluit kan word.:

"Of course the lawmaker has it within its power to override thus fundamental principle of fairness,⁵¹ and to make absolute the duty of compliance with its behests, thus rendering innocent violations punishable. But such an inroad into individual freedom should be made to appear very plainly, so that he who runs may read. Then the Court would not have to grope for legislative intention as to mens rea amid ambivalent considerations such as purpose, penalty, and the reasonableness of going one way or the other."⁵²

47. MILTON en FULLER, a.w., bl. 26.

48. DEVLIN, P., Statutory offences, in Journal of the Society of Public Teachers of Law, 1958, vol. 4, bl. 208; aangehaal deur MILTON en FULLER, a.w., bl. 26.

49. BURCHELL, E.M. en P.M.A. HUNT, South African criminal law and procedure, Kaapstad, 1970, vol. 1, bl. 166.

50. 1966 (4) S.A. 356 (A).

51. Geen straf sonder skuld.

52. Op bl. 364 van die verslag.

Hierdie neiging weg van skuldlose aanspreeklikheid by statutêre misdrywe is grootliks toe te skryf aan die feit dat metodes gevind is waardeur gevolg gegee kon word aan beide die algemene beginsel van geen straf sonder skuld en die beleidsoorwegings onderliggend aan absolute verbiedinge, naamlik die verskuiwing van die onus op die beskuldigde om sy onskuld te bewys, asook die erkenning van nalatigheid as genoegsaam vir aanspreeklikheid.⁵³ Sodoende kan faktore wat op 'n absolute verbod dui, nou negeer word.⁵⁴

IV. SKULDVORM

Waar die wetgewer by die omskrywing van 'n misdryf skuld uitdruklik as voorvereiste vir aanspreeklikheid stel en ook die vereiste skuldvorm voorskryf, ontstaan daar geen probleme nie.⁵⁵ By geïmpliseerde skuld ontstaan egter 'n probleem ten opsigte van die vraag of slegs dolus, dan wel ook culpa, genoegsaam vir aanspreeklikheid sal wees. Met 'n enkele uitsondering in die geval van strafbare manslag, word by elke gemeenregtelike misdryf slegs opset as genoegsaam beskou en 'n aanvaarding van nalatigheid as voldoende skuldvorm by statutêre misdrywe sou dus 'n uitbreiding van kriminele aanspreeklikheid, asook, aldus Regter MULLER in S. vs. Naidoo,⁵⁶ 'n inbreuk op die fundamentele beginsel dat strafbepalings begunstigend geïnterpreteer moet word, uitmaak.⁵⁷

Die howe het egter wel op hierdie gebied van die spoor van die

53. MILTON en FULLER, a.w., bl. 26.

54. ald.

55. Sien bv. art. 19 (b) van die Ontugwet no. 23 van 1957.

56. bo.

57. Op bl. 596 van die verslag.

gemene reg afgewyk, telkens veral om 'n bevinding dat 'n verbod absoluut is, te vermy. In S. vs. Arenstein⁵⁸ word so verklaar dat daar geen algemene reël bestaan ten opsigte van die vraag na wat die vereiste skuldvorm by statutêre misdrywe is nie, maar dat dit vasstaan dat nalatigheid voldoende mag wees, selfs in gevalle waar dit nie die kern van die ten laste gelegde misdryf uitmaak nie, indien daar 'n plig op die beskuldigde gerus het om versigtig op te tree.⁵⁹

'n Polemiek het egter ontwikkel rondom die vraag of nalatigheid in die reël voldoende vir aanspreeklikheid sal wees. BEKKER meen dat dit slegs genoegsaam sal wees indien 'n duidelike bedoeling daartoe blyk, dit wil sê indien nalatigheid uitdruklik en in duidelike terme as voldoende gestel word, maar andersins sal opset vereis word.⁶⁰ OOSTHUIZEN dui weer aan dat nalatigheid by geïmpliseerde skuld in die reël genoegsaam sal wees, maar dat uitsonderingsgevalle hulle mag voordoën waar slegs opset die vereiste skuldvorm daar sal stel.⁶¹

58. bo.

59. Op bl. 366 van die verslag. MILTON en FULLER, a.w., bl. 45, verwys na die volgende dictum van Regter BROOME (soos hy toe was) in R. vs. Federated Meat Industries Ltd., 1949 (2) S.A. 795 (N) op 797 wat hierdie beginsel duideliker toelig: "Where a person has done an act which the law forbids and the scope and object of the legislation and the circumstances in which he did the act are such as to throw upon him a duty to take care, his failure to take care may furnish the element of mens rea which must be present before he can be convicted."

60. a.w., bl. 77.

61. OOSTHUIZEN, P., Bewyslas ten opsigte van mens rea by statutêre misdrywe, in De Jure, 1974, vol. 7, no. 2, bl. 92.

Tereg meen MILTON en FULLER dat dit nie gesê kan word dat nalatigheid in alle gevalle genoegsaam sal wees nie, maar dat die antwoord op die vraag na die vereiste skuldvorm afhang van die interpretasie van die betrokke bepaling.⁶² In S. vs. Arenstein⁶³ som Appélregter BOTHA die situasie as volg op:

"The degree of blameworthiness required for the culpable violation of a statutory prohibition or injunction must in the first place be sought in the language used by the lawgiver ... and in the absence of words expressly indicating the particular mental state required, the degree of mens rea must depend on that foresight or care which the statute in the circumstances demands."⁶⁴

In hierdie geval het die appellant in hoër beroep gekom teen 'n skuldigbevinding ingevolge artikel 10 quat (1), gelees met artikel 11 (d) quat van die destydse Wet op die Onderdrukking van Kommunisme,⁶⁵ naamlik omdat hy versuim het om hom by 'n polisiestasie aan te meld soos vereis deur 'n kennisgewing ingevolge die Wet aan hom beteken. Daar is aangevoer dat dolus afwesig was.

Op die oog af skeep artikel 11 (d) quat 'n absolute verbod, maar die hof bevind dat mens rea wel 'n aanspreeklikheidsvereiste is, onder andere na aanleiding van die woord "versuim" wat prima facie 'n blaamwaardige gesindheid impliseer, 'asook op grond van die swaar straf wat aan 'n nie-nakoming van die bepaling gekoppel word.

Daar'word verder bevind dat die oogmerk van 'n kennisgewing ingevolge die Wet is om effektiewe kontrole te bewerkstellig

62. a.w., bl. 45.

63. bo.

64. Op bl. 366 van die verslag.

65. Wet no. 44 van 1950 s.g.

oor die bewegings van persone wat 'n gevaar vir die staatsveiligheid kan inhou. Omdat hierdie oogmerk maklik in die wiewe gery sou kon word, indien 'n hoë mate van versigtigheid ten einde aan die bepalinge daarvan te voldoen, nie vereis sou word nie, bevind die hof dat dit onwaarskynlik is dat die wetgewer slegs 'n opsetlike versuim strafbaar wou stel en ag nalatigheid as genoegsaam vir aanspreeklikheid ingevolge die artikel.

Wat veral insiggewend is, is die feit dat 'n swaar straf, hoewel 'n aanduiding dat mens rea as vereiste beoog is, aan die anderkant juis dien as aanduiding dat 'n hoë mate van omsigtigheid deur die wetgewer vereis word⁶⁶ - dit wil sê dat culpa genoegsaam vir aanspreeklikheid ingevolge die artikel is.

Ook in S. vs. Naidoo⁶⁷ stel Regter MULLER dit onomwonde dat 'n bedoeling om nalatigheid as genoegsaam te ag, duidelik uit die wet moet blyk. In hierdie verband word daar as volg verklaar:

"As stated, the intention of the Legislature must appear plainly from the statute. In such an enquiry, the scales of justice must be fairly balanced between public welfare and individual freedom."⁶⁸

Beide die belang van die individu en dié van die gemeenskap moet dus in ag geneem word. In dié gevalle waar laasgenoemde duidelik die swaarste weeg, bied 'n aanvaarding van nalatigheid, as voldoende vir aanspreeklikheid, 'n goeie via media waarlangs beide belange gedien kan word. MILTON en FULLER meen dan ook so dat die erkenning van nalatigheid as 'n vorm van mens rea by statutêre misdrywe, hoewel nie heeltemal in lyn met die gemeenregtelike beginsels nie, nogtans as 'n welkome verwickeling

66. Sien bl. 366 van die verslag.

67. ho.

68. Op bl. 598 van die verslag

beskou kan word.⁶⁹

"By adopting this approach the courts are able to avoid the excesses of a doctrine of strict responsibility which tends to punish the blameless while at the same time serving the interests of the public welfare by punishing those who are careless if not actually wilful or intentional."⁷⁰

'n Verdere metode waarvolgens skuldlose aanspreeklikheid by statutêre misdrywe vermy is, was om die onus op die beskuldigde te plaas om mens rea te negativer.⁷¹

Vervolgens word hierdie aangeleentheid uiters oorsigtelik behandel.

V. BEWYSLAS

Indien die wetgewer dit uitdruklik stel dat mens rea 'n element van 'n misdryf is, rus die bewyslas net soos by gemeenregtelike misdrywe op die staat om die aanwesigheid daarvan bo redelike twyfel te bewys. Ten opsigte van die vraag waar sodanige las geleë is in daardie gevalle waar die hof bevind dat die wetgewer wel mens rea as element beoog het, ten spyte van die feit dat die verbod op die oog af absoluut skyn te wees, was die posisie egter nie so seker nie. In S. vs. Naidoo⁷² merk Regter MULLER dan ook tereg op "... there is disharmony on this point".⁷³

Die kiem van hierdie onsekerheid is 'n dictum van Appélregter SOLOMON in R. vs. Wallendorf⁷⁴ waar die mening uitgespreek word

69. a.w., bl. 46.

70. ald.

71. ald., bl. 26.

72. bo.

73. Op bl. 602 van die verslag.

74. 1920 A.D. 383.

dat die vervolging hom prima facie⁷⁵ van sy taak gekwyd het indien bewys gelewer is dat die beskuldigde die verbode daad gepleeg het:

"It is a fair presumption, then, in the absence of any evidence to the contrary, that there was present the guilty mind which is necessary to constitute the offence, and the onus would therefore be upon them to show that they acted innocently."⁷⁶

Volgens BURCHELL en HUNT is so 'n houding in stryd met die beginsel dat strafbepalings by twyfel tot voordeel van die beskuldigde geïnterpreteer moet word, asook met dié, dat by dubbelsinnigheid daardie uitleg aanvaar moet word wat so min as moontlik van die gemene reg afwyk.⁷⁷ Fel kritiek is dan ook uit verskeie oorde hierteen uitgespreek.⁷⁸ Hierdie benadering van die howe was egter so stewig gevestig dat die epogmakende beslissing in R. vs. Ndlovu⁷⁹ wat die posisie by gemeenregtelike misdrywe op 'n stewige fondament geplaas het, dit nie kon skud nie.

Sedert die sestigerjare het daar egter 'n kentering ingetree. Die tendens was naamlik nou om by geïmpliseerde skuld die onus op die vervolging te laat rus in dié gevalle waar nalatigheid genoegsaam vir aanspreeklikheid is. In S. vs. Naidoo⁸⁰ word 'n insiggewende regverdiging hiervoor aangevoer:

"To regard culpa as sufficient, would greatly extend the scope of criminal liability. To further burden an accused person with any onus to negative culpa (albeit

75. Hierdie uitdrukking impliseer egter die oorgaan van slegs die weerleggingslas.
76. Op bl. 401 van die verslag.
77. a.w., bl. 174.
78. In R. vs. Britz, 1949 (3) S.A. 293 (A) is hierdie houding egter geregverdig aan die hand van die feit dat die verbod ongekwalifiseer is.
79. 1945 A.D. 369.
80. bo.

on a balance of probabilities) will add a new terror to the life of a bonus paterfamilias." ⁸¹

Hoewel die situasie by opset-misdrywe steeds op die afwykende weë gebly het, was daar egter ook op hierdie gebied sedert 1966 'n neiging in die rigting van die gemeenregtelike posisie te bespeur. Tereg toon BURCHELL en HUNT aan dat dit onlogies is om te wil beweer dat waar 'n wet uitdruklik mens rea as vereiste stel, die onus op die staat rus, maar dat die beskuldigde sodanige las dra indien dit uit 'n interpretasie van die betrokke bepaling blyk dat mens rea wel 'n vereiste is, "... for both are but statements of the true intention of the legislature". ⁸²

In S. vs. De Blom ⁸³ het die appellant in hoër beroep gekom teen 'n skuldigbevinding as sou sy sekere Devisiebeheerregulasies wat ingevolge die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse ⁸⁴ uitgevaardig is, oortree het. 'n Beroep is gedoen op die afwesigheid van wederregtelikheidsbewussyn. Duidelik stel Hoofregter RUMPFFF dit dat in 'n saak soos die onderhawige 'n afleiding gemaak kan word dat die beskuldigde willens en wetens die verbode handeling begaan het, indien die vervolging getuienis ten opsigte daarvan voorgelê het. Indien die beskuldigde dan op 'n verweer wil steun dat sy nie geweet het dat haar handeling onregmatig was nie, kan haar verweer slaag indien uit die getuienis as geheel afgelei kan word dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan het dat sy nie geweet het dat haar handeling

81. Op bl. 596 van die verslag. In S. vs. Fouche, 1974 (1) S.A. 96 (A) is hierdie posisie by culpa-misdrywe bevestig.

82. a.w., bl. 175.

83. 1977 (3) S.A. 513 (A).

84. Wet no. 9 van 1933.

onregmatig was nie; en verder ook, wanneer culpa en nie slegs dolus nie, as mens rea vereis word, daar ook 'n redelike moontlikheid bestaan dat sy nie juridies geblameer kan word nie.⁸⁵

Wat verder veral van belang is, is die feit dat onkunde ten opsigte van die wederregtelikheid van 'n handeling sedert hierdie beslissing duidelik 'n verskoningsgrond kan wees en derhalwe mens rea sal uitskakel.⁸⁶

-
85. Op bl. 532 van die verslag. Hieruit blyk dus dat slegs die weerleggingslas en nie die bewyslas nie, ook by opsetmisdrywe, op die beskuldigde oorgaan by 'n bewys van die actus reus.
86. Sien veral bl. 529 van die verslag.

Hoofstuk 6

Slotopmerking

Dit is onmoontlik om na 'n oorsigtelike bespreking soos hierdie tot 'n omvattende gevolgtrekking te geraak. Daar is egter een aangeleentheid wat na my mening beklemtoning verdien, naamlik die feit dat die interpretasie van 'n wetsbepaling nie altyd 'n suiwer logiese werkzaamheid kan wees nie. Die regspreker is nie 'n outomaat wat bloot meganies regsvoorskrifte toepas nie, maar sal gereeld tussen verskeie moontlike interpretasies 'n keuse moet doen - 'n aangeleentheid wat daarop dui dat hier 'n skeppende element teenwoordig is. Omdat die wet onvolledig is, moet dit nou by die toepassing daarvan deur die regspreker aangevul word en in hierdie proses doen hy in beginsel dieselfde as die wetgewer.¹

By die interpretasie van 'n strafbepaling is daar twee botsende belange op die spel, naamlik dié van die beskuldigde en dié van die gemeenskap wat deur die wetgewing gedien staan te word. Die regspreker sal dan telkens tussen twee beginsels moet opweeg waar die betekenis van 'n strafbepaling onduidelik is. Enersyds is daar die beginsel dat die meer begunstigende van twee redelike interpretasies nagevolg moet word, en andersyds die beginsel dat daar ook by strafbepalings sover moontlik aan die wil van die wetgewer gevolg gegee behoort te word waar dit voldoende duidelik is.² In hierdie proses sal die wens om

-
1. VAN APELDOORN, a.w., bl. 321.
 2. Sien R. vs. Moosa, bo, op bl. 528 van die verslag. Vgl. R. vs. Sibanda, 1964 (1) S.A. 311 (R) asook FRIEDMANN, a.w., bl. 55.

billikheid te laat geskied ongetwyfeld 'n rol speel.³

Dat hier 'n skeppende werksaamheid voorhande is, kan egter nie betwyfel word nie.⁴ Die volgende mening van Regter DIEMONT, waar hy hom uitlaat ten opsigte van die interpretasie van veiligheidswetgewing, is veral insiggewend in hierdie verband:

"This type of legislation obviously comes before the Court frequently. When it does, the judges find they have to deal with cases of hardship and they do make some new law. The rules of interpretation are elastic, one sugars the pill, and says politely that Parliament could never have intended to create an injustice of that nature. What is the result? The Act goes back to Parliament, and Parliament and the Bench become involved in a sort of legal ping-pong. In the next session Parliament patches up the loopholes and fills the gaps. Soon after the courts face another case of hardship and they find a further ambiguity and back the Bill goes to Parliament again. And so after a few years the original piece of legislation is hardly recognizable. The judges have assiduously changed the law a little, inevitably there must be some influencing of the law from the Bench, especially when one considers the rate at which Parliament churns out legislation ..."⁵

-
3. Vgl. WIARDA, a.w., bl. 15. Die reël dat strafbepalings inkortend uitgelê moet word, is immers 'n manifestasie van die billikheidsgedagte - vgl. bo, bl. 23 e.v.
4. Vgl. die mening van LABUSCHAGNE, bo, bl. 17. DU TOIT, Die aequitas en regulatiewe regsbeginnels, bl. 50, wys ook daarop dat die inkortende interpretasie van 'n beswarende bepaling skeppend van aard is en verder strek as die onmiddellike letterlike betekenis van die woorde in die wet. Daar word naamlik skeppend en ontslote uit die regsídee geïnterpreteer.
5. DIEMONT, M.A., (Toespraak) Law teachers and the law, in Acta Juridica, 1968, bl. 3 e.v.

REGISTER VAN GEWYSDESI. SUID-AFRIKAANSE BESLISSINGS

Administrateur, Transvaal vs. Carletonville Estates Ltd.,
1959 (3) S.A. 150 (A).

De Villiers vs. The Cape Divisional Council, 1875 Buch. 50

Ebrahim vs. Minister of the Interior, 1977 (1) S.A. 665 (A)

Ex parte the Minister of Justice: In re R. vs. Jacobson and
Levy, 1931 A.D. 466.

Farrar's Estate vs. Commissioner for Inland Revenue, 1926
T.P.D. 501

Hack vs. Venterspost Municipality and others, 1950 (1) S.A. 172 (W)

Jaga vs. Dönges N.O., and another, 1950 (4) S.A. 653 (A)

Moss vs. Sissons and McKenzie, 1907 E.D.C. 156

Principal Immigration Officer vs. Hawabu and another, 1936 A.D. 26

R. vs. Ackerman, 1931 O.P.D. 65

R. vs. Bekker, 1941 E.D.L. 118

R. vs. Britz, 1949 (3) S.A. 293 (A)

R. vs. Cronin, 1935 T.P.D. 328

R. vs. Forlee, 1917 T.P.D. 52

R. vs. Mbambo, 1964 (1) S.A. 832 (R)

R. vs. Moosa, 1960 (3) S.A. 517 (A)

R. vs. Mphalela, 1928 T.P.D. 748

R. vs. Ndhlovu, 1945 A.D. 369

R. vs. Sachs, 1953 (1) S.A. 392 (A)

R. vs. Sibanda and another, 1964 (1) S.A. 311 (R)

R. vs. Sisilane, 1959 (2) S.A. 448 (A)

R. vs. Taweel and another, 1937 T.P.D. 387

R. vs. V. 1958 (4) S.A. 49 (T)

R. vs. Wallendorf and others, 1920 A.D. 383

S. vs. Arenstein, 1964 (1) S.A. 361 (A)

- S. vs. Bernardus, 1965 (3) S.A. 287 (A)
S. vs. Conifer (Pty.) Ltd., 1974 (1) S.A. 651 (A)
S. vs. De Blom, 1977 (3) S.A. 513 (A)
S. vs. Duma, 1970 (1) S.A. 70 (N)
S. vs. Fouche, 1974 (1) S.A. 96 (A)
S. vs. Hartman; S. vs. Jacobs, 1968 (1) S.A. 278 (T)
S. vs. Kiley, 1962 (3) S.A. 318 (T)
S. vs. Makwasie, 1970 (2) S.A. 128 (T)
S. vs. Mnguni, 1977 (3) S.A. 63 (N)
S. vs. Naidoo, 1974 (4) S.A. 574 (N)
S. vs. Oberholzer, 1971 (4) S.A. 602 (A)
S. vs. Qumbella, 1966 (4) S.A. 356 (A)
S. vs. Sibitane, 1973 (2) S.A. 593 (T)
S. vs. Smith, 1973 (3) S.A. 945 (O)
S. vs. Swanepoel, 1970 (2) S.A. 515 (O)
S. vs. Takaendesa, 1972 (4) S.A. 72 (RA)
S. vs. W., 1975 (3) S.A. 841 (T)
S. vs. Zemura, 1974 (1) S.A. 584 (RA)
Venter vs. R., 1907 T.S. 910

II. ENGELSE BESLISSINGS

- Adler vs. George, (1964) 1 All E.R. 628
Bidie, Re, (1948) 2 All E.R. 995
Corkery vs. Carpenter, (1950) 2 All E.R. 745
Fisher vs. Bell (1960) 3 All E.R. 731
Lim Chin Aik vs. R., (1963) 1 All E.R. 223
R. vs. Munks, (1963) 3 All E.R. 757

BIBLIOGRAFIE

- ALLEN, C.K., Law in the making, 7de uitg. Oxford, 1964.
- BEKKER, P.M., Weer eens mens rea en bewyslas by statutêre misdrywe, in De Jure, 1975, vol. 8, no. 1.
- BURCHELL, E.M. en P.M.A. HUNT, South African criminal law and procedure, Kaapstad, 1970, vol. 1.
- CILLIERS, H.S., Die betekenis van vermoedens by wetsuitleg, in South African Law Journal, 1962, vol. 79, no. 2.
- COCKRAM, G.-M., The interpretation of statutes, Kaapstad, 1975.
- COWEN, D.V., Prolegomenon to a restatement of the principles of statutory interpretation, in Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg, 1976, vol. 1, no. 2.
- Corpus iuris civilis, uitg. MOMMSEN-KRUEGER, 21ste uitg., Dublin, 1970, vol. 1.
- Corpus iuris civilis, vert. deur S.P. SCOTT, New York, 1973, 7 vol.
- CRAIES, W.F., Craies on statute law, 5de uitg. deur C.E. ODGERS, Londen, 1952.
- CROSS, R., Statutory interpretation, Londen, 1976.
- DE WET, J.C. en H.L. SWANEPOEL, Strafreg, 3de uitg. deur J.C. DE WET, Durban, 1975.
- DIEMONT, M.A., (Toespraak) Law teachers and the law, in Acta Juridica, 1968.
- DUGARD, J., The judicial process, positivism and civil liberty, in South African Law Journal, 1971, vol. 88, no. 2.
- DU TOIT, D.C., Die aequitas en regulatiewe regsbeginsele, in Tydskrif vir Regswetenskap, Junie 1976, vol. 1, no. 1.
- dies., The dimension of futurity in the law: towards a renewal of the theory of interpretation, in Tydskrif vir Regswetenskap, Junie 1977, vol. 2, no. 1.
- FRIEDMANN, W., Law in a changing society, Londen, 1959.
- GLÜCK, C.F., (red.), Ausführliche Erläuterung der Pandecten nach Hellfeld, ein Commentar, 2de uitg., Erlangen, 1797, vol. 1.
- HAHLO, H.R. en E. KAHN, The South African legal system and its background, Kaapstad, 1973.
- HENNING, P., Reg, billikheid en in verband daarmee regterlike regsvorming, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 1968, vol. 31, no. 3.

LABUSCHAGNE, J.M.T., Die uitlegsvermoede teen staatsgebondenheid, in Tydskrif vir Regswetenskap, November 1978, vol. 3, no. 2.

MAXWELL, P.B., The interpretation of statutes, 9de uitg. deur G.H.B. JACKSON, Londen, 1946.

MILTON, J.R.L. en N.M. FULLER, South African criminal law and procedure, Kaapstad, 1971, vol. 3.

Nieuw Nederlands Advys-boek, uitg. C. VAN DER KOP, Gravenhage, M. DCC. LXXXII, vol. 2.

OOSTHUIZEN, P., Bewyslas ten opsigte van mens rea by statutêre misdrywe, in De Jure, 1974, vol. 7, no. 2.

PLUCKNETT, T.F.T., A concise history of the common law, 5de uitg., Londen, 1956.

RADZINOWICZ, L., A history of English criminal law, Londen, 1948, vol. 1.

SCHMIDT, C.W.H., (Bespreking van) S. v. Pather, 1973 (3) S.A. 164 (N), in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Nov. 1973, vol. 36, no. 4.

STEYN, L.C., Die uitleg van wette, 4de uitg. deur S.I.E. VAN TONDER, Kaapstad, 1974.

STONE, J., Legal system and lawyers' reasonings, Londen, 1964.

SUMMERS, R.S. (red.) e.a., Essays in legal philosophy, Oxford, 1970.

VAN APELDOORN, L.J., Inleiding tot de studie van het Nederlandse recht, 17de uitg. deur J.C.M. LEYTEN, Zwolle, 1972.

VOET, J., The selective Voet, being the commentary on the Pandects, vert. deur P. GANE, Durban, 1955, 8 vol.

VON SAVIGNY, F.C., System des heutigen römischen Rechts, Berlyn, 1840, vol. 1.

WIARDA, G.J., Drie typen van rechtsvinding, Zwolle, 1972.

WIECHERS, M., Die bronne van die administratiefreg, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 1966, vol. 29, no. 2.

WILLIS, J., Statute interpretation in a nutshell, in South African Law Journal, 1938, vol. 55.

